

DIE SKENKINGSBELASTING- EN KAPITAALWINSBELASTINGIMPLIKASIES VAN RENTEVRYE LENINGS

deur
Louis Philippus Du Plessis

*Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die
graad M. Comm (Belasting) aan die Fakulteit Ekonomiese en
Bestuurswetenskappe, Universiteit van Stellenbosch*



Studieleier: Professor C J Van Schalkwyk
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Januarie 2007

Verklaring

Ek, die ondergetekende Louis Philippus du Plessis, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening: _____

Datum: _____

Opsomming

In die studie word in die eerste instansie die skenkingsbelastingimplikasies, spesifiek in die konteks van Deel V van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 (“die Wet”), en in die tweede instansie die kapitaalwinsbelastingimplikasies van rentevrye lenings ondersoek.

Dit word bevind dat daar, in die lig van die relevante statutêre definisies soos vervat in Deel V van Hoofstuk II van die Wet, ’n sterk argument daarvoor uit te maak is dat die toestaan van ’n rentevrye lening nie enige skenkingsbelastingimplikasies in dié opsig tot gevolg sal hê nie. Desondanks word dit bevind dat daar, in die lig van sekere problematiese uitsprake van die Appèlhof, nie onomwonde en met ’n oormaat van sekerheid verklaar kan word dat ’n rentevrye lening nooit enige skenkingsbelastingimplikasies, in die konteks van Deel V van Hoofstuk II van die Wet, tot gevolg sal hê nie.

Dit word verder bevind dat ’n rentevrye lening egter wel in sekere omstandighede kapitaalwinsbelastinggevolge vir die persoon wat die rentevrye lening toestaan, kan inhou, meer spesifiek waar ’n persoon, wat in ’n spesifieke verhouding staan tot die persoon wat die rentevrye lening toestaan, ’n kapitaalwins realiseer wat toegereken kan word aan die rentevrye lening.

Dit word verder bevind dat die bepalings van paragraaf 38 in die Agste Bylae tot die Wet in teorie ook toepassing kan vind in spesifieke omstandighede waar rentevrye lenings toegestaan word, as vergoeding vir ’n bate waarvoor die ontvanger van die leningskapitaal beskik het. In die praktyk behoort die bepalings van paragraaf 38 egter weinig (indien enige) impak te hê in sulke omstandighede.

SUMMARY

This study explores in the first instance the donations tax implications, specifically in the context of Part V of Chapter II of the Income Tax Act No. 58 of 1962 (“the Act”), and in the second instance the capital gains tax implications of interest-free loans.

It is concluded, specifically in light of the relevant statutory definitions as contained in Part V of Chapter II of the Act, that the granting of an interest-free loans should arguably not result in any liability for donations tax in this regard. However, in light of certain problematic statements of the Supreme Court of Appeal on this issue, it is submitted that it cannot be concluded with certainty that interest-free loans will never give rise to donations tax, as lieved in terms of Part V of Chapter II of the Act.

It is further concluded that an interest-free loan could in certain circumstances give rise to capital gains tax consequences for the person granting the interest-free loan, more specifically where another related person realises a capital gain that can be attributed to the granting of the interest-free loan. It is also concluded that the provisions of paragraph 38 of the Eighth Schedule to the Act could in theory also apply in the instances where interest-free loans are granted, as consideration for the disposal of an asset by the person receiving the capital advanced under the interest-free loan. However, the actual practical impact of paragraph 38 of the Eighth Schedule to the Act in these circumstances would be negligible, if any.

INHOUDSOPGAWE

1 HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Agtergrond en probleemstellings	1
1.2 Doelstellings	3
1.3 Verbandhoudende literatuur	3
1.4 Belangrikheid van navorsing	4
1.5 Navorsingsmetodiek	5
1.6 Voorgestelde raamwerk	5

2 HOOFSTUK 2: 'N INLEIDENDE OORWEGING VAN DIE FAKTORE EN WETGEWING RELEVANT TOT DIE SKENKINGSBELASTINGKWESSIE (“DIE EERSTE PROBLEEMSTELLING”)

2.1 Heffing van skenkingsbelasting – Artikel 54	9
2.2 Die beskikkingselement	9
2.3 “Eiendom” en “Skenking”	12
2.4 Artikel 56 vrystellings	13
2.5 Ander bepalings van Deel V – artikels 57 tot 64	14
2.6 Gevolgtrekking	16

3 HOOFSTUK 3: 'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD “SKENKING”

3.1 Gemeenregtelike betekenis	18
3.2 Statutêre betekenis	19
3.3 Vergelyking tussen gemenerereg en statutêre reg	19
3.4 Toepassing van die statutêre betekenis op rentevrye lenings	23

3.5	Gevolgtrekking	25
4	HOOFSTUK 4: 'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD "EIENDOM" IN DIE KONTEKS VAN 'N SKENKING	
4.1	Inleiding	28
4.2	Gemeenregtelike en statutêre betekenis	29
4.3	Artikel 7(3)	31
4.4	Die Ovenstone – beslissing	32
4.5	Regsraad van 'n rentevrye lening	37
4.6	Gevolgtrekking	39
5	HOOFSTUK 5: DIE MOONTLIKE OMVANG VAN SKENKINGSBELASTING OP 'N RENTEVRYE LENING EN DIE SAID SE HANTERING DAARVAN – AS VERDERE MOONTLIKE ARGUMENTE VIR / TEEN DIE HEFFING VAN SKENKINGSBELASTING OP RENTEVRYE LENINGS	
5.1	Omvang van skenkingsbelasting	41
5.2	SAID se hantering daarvan in die praktyk	43
5.3	Gevolgtrekking	44
6	HOOFSTUK 6: RENTEVRYE LENINGS EN KAPITAALWINSBELASTING ("DIE TWEDE PROBLEEMSTELLING")	
6.1	Inleiding	46
6.2	Kapitaalwinsbelasting voortspruitend uit die toestaan van rentevrye lenings in die algemeen	48
6.3	Toerekening van kapitaalwinste en rentevrye lenings	49
6.4	Paragraaf 38 - Inleiding	52
6.5	Paragraaf 38 - "Skenking"	53

6.6 Paragraaf 38 - “Vergoeding wat nie in geld meetbaar is nie”	56
6.7 Gevolgtrekking	63
7 HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKking	
7.1 Gevolgtrekking – Eerste Probleemstelling	64
7.2 Gevolgtrekking – Tweede Probleemstelling	65
7.3 Slot	65
8 HOOFSTUK 8: BIBLIOGRAFIE	
8.1 Lys van artikels	67
8.2 Lys van boeke	68
8.3 Lys van elektroniese publikasies	68
8.4 Lys van hofsake	69
8.5 Lys van proefskrifte	70
8.6 Lys van Suid-Afrikaanse Inkomstediens publikasies	70
8.7 Toesprake by konferensies gehou	71

---000---

AFKORTINGS EN TERMINOLOGIE

“Kommissaris” -	die Kommissaris van die SAID;
“KWB” -	kapitaalwinsbelasting, soos gehef in terme van artikel 26A van die Wet, gelees saam met die Agste Bylae tot die Wet;
“KWB Gids” -	die <i>Draft Comprehensive Guide to Capital Gains Tax</i> , soos uitgereik deur die SAID en soos gewysig en weer vrygestel op 18 Januarie 2006;
“SAID” -	die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet;
“SATC” -	die “South African Tax Cases Reports”, soos uitgegee deur Butterworths;
“Skuldeiser” -	die persoon wat ‘n rentevrye lening toestaan (d.w.s. die uitlener van die leningskapitaal);
“Skuldenaar” -	die persoon aan wie ‘n rentevrye lening toegestaan word en op wie die terugbetalingsverpligting dus berus (d.w.s. die ontvanger van die leningskapitaal);
“Wet” -	die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 (soos gewysig);

Alle verwysings na die relevante bladsye in ‘n hofsaak is na die betrokke bladsye in die SATC, tensy anders vermeld.

---000---

1 HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Agtergrond en probleemstellings

Die aangaan van rentevrye lenings is 'n alledaagse verskynsel nie net in die Suid-Afrikaanse kommersiële wêreld nie, maar ook tussen Suid-Afrikaanse individue in hulle privaat hoedanighede en selfs in gesinsverband. Daar word aan die hand gedoen dat rentevrye lenings onder andere die volgende kommersiële en belastingvoordele kan inhou:

- Dit is 'n eenvoudige meganisme om die ontvanger van die leningskapitaal ("die skuldenaar") te kapitaliseer, sonder om hom/haar te beswaar met enige renteverpligting of onmiddellike verpligting tot terugbetaling.¹
- Dit is 'n eenvoudige meganisme wat, veral deur verbonde persone, gebruik kan word om bates aanvanklik "kosteloos" oor te dra, weereens deurdat geen renteverpligtinge of onmiddellike verpligting tot terugbetaling² vir die skuldenaar ontstaan nie.
- Dit voorkom die moontlike toevalling van 'n (belasbare) rente-inkomste vir die persoon wat die rentevrye lening toestaan ("die skuldeiser").
- Dit kan in sekere omstandighede steeds as meganisme gebruik word om boedelbelasting op die lange duur te bespaar.
- Dit hou (oënskynlik) geen negatiewe skenkingsbelastingimplikasies vir sowel die skuldeiser as die skuldenaar in nie.

Die Wetgewer het met die verloop van jare reeds verskeie wysigings aan die Wet aangebring om voorsiening te maak vir die belastinghantering van rentevrye lenings in spesifieke omstandighede, juis in 'n poging om hierdie potensiële belastingkuiwergat toe te stop. Voorbeelde van sulke wysigings sluit in bepalings ingevolge waarvan die verskil tussen die amptelike rentekoers en die koers waarteen 'n werkgewer 'n lening aan 'n werknemer toestaan

¹ Sien byvoorbeeld die sogenaamde "terugbetaalbaar op aanvraag" lenings wat algemeen in die praktyk voorkom.

² Sien voetnota 1 hierbo.

(d.w.s. 0% in die geval van 'n rentevrye lening), as 'n byvoordeel belas word, onderhewig aan uitsonderings.³

In ander gevalle word die verskil tussen die amptelike rentekoers en die koers waarteen 'n maatskappy geld leen aan sy aandeelhouer of 'n verbonde persoon aan sy aandeelhouer (weereens 0% in die geval van 'n rentevrye lening), geag 'n dividend te wees en derhalwe onderhewig te wees aan sekondêre belasting op maatskappye, weereens onderhewig aan uitsonderings.⁴

In sommige spesifieke omstandighede mag rentevrye lenings vir doeleindes van die Wet selfs as 'n "skenking, oormaking of ander beskikking" gesien word, wat negatiewe belastingimplikasies tot gevolg kan hê vir die skuldeiser.⁵

Hierdie studie is egter nie gefokus op hierdie spesifieke omstandighede waarvoor die Wet reeds voorsiening maak nie. Die fokus hiervan is eerder om die skenkingsbelastingimplikasies en kapitaalwinsbelastingimplikasies, indien enige, van rentevrye lenings in die algemeen te ondersoek, dit wil sê in die omstandighede waar die Wet nie reeds spesifiek voorsiening maak vir die belastinghantering daarvan nie. In dié opsig is die fokuspunt dus wyer as byvoorbeeld die spesifieke bepalinge van artikel 7, alhoewel daar aangevoer sal word dat die beginsels soos neergelê in die konteks van artikel 7 ook in 'n meer algemene konteks relevant kan wees.

Die volgende twee probleemstellings sal dus ondersoek word:

- Eerstens, of die bestaan van 'n rentevrye lening as sulks 'n "skenking" van "eiendom" uitmaak, en derhalwe onderhewig is of behoort te wees aan skenkingsbelasting in terme van artikel 54 van die Wet.
- Tweedens, of die bestaan van 'n rentevrye lening enige kapitaalwinsbelastingimplikasies tot gevolg kan hê vir die betrokke partye, met 'n spesifieke fokus op paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet.

³ Sien paragraaf 2(f) van die Sewende Bylae tot die Wet.

⁴ Sien artikel 64C(2)(g) van die Wet, gelees met artikel 64C(4)(d) van die Wet. In gevalle waar enige van die ander uitsonderings in artikel 64C(4) van die Wet toepassing vind, kan die maatskappy wat die rentevrye lening bestaan vanselfsprekend steeds volle verligting van sekondêre belasting op maatskappye verkry.

⁵ Sien artikel 7 van die Wet in die algemeen, soos deur die hof geïnterpreteer.

1.2 Doelstellings

Die doelstellings met hierdie ondersoek is derhalwe tweeledig:

Eerstens om sekerheid te verkry oor die skenkingsbelastingimplikasies van rentevrye lenings (indien enige) gemeet aan die vereistes soos neergelê in deel V van Hoofstuk II van die Wet en aan Suid-Afrikaanse regspraak.

Tweedens, om sekerheid te verkry oor die kapitaalwinsbelastingimplikasies van rentevrye lenings (indien enige), gemeet aan die bepalings van die Agste Bylae tot die Wet.

1.3 Verbandhoudende literatuur

Na skrywer se mening is die vraagstuk of 'n rentevrye lening 'n "skenkings" van "eiendom" uitmaak en derhalwe onderhewig behoort te wees aan skenkingsbelasting in terme van artikel 54 van die Wet nog nooit pertinent deur die Suid-Afrikaanse howe oorweeg nie. Dié stand van sake is na alle waarskynlikheid daaraan te wyte dat die SAID se algemene praktyk skynbaar is om nie skenkingsbelasting op rentevrye lenings te hef nie.⁶

Die oorwegende gevoel onder die hedendaagse skrywers is skynbaar dat rentevrye lenings waarskynlik nie 'n skenking (van die rente wat deur die skuldeiser gehef kon word) uitmaak nie, maar verskeie skrywers is, op enkele uitsonderings na, huiwerig om hierdie standpunt onomwonde te huldig. De Koker (2004: 23.3) toon aan dat dit twyfelagtig ("*doubtful*") is of die toestaan van 'n rentevrye lening, in die konteks van artikel 54 van die Wet, gelees saam met artikel 55 van die Wet se definisie, 'n "*gratis oormaking van eiendom*" is. Hy beroep hom egter bloot op die SAID se algemene praktyk ter staving van sy stelling.

Williams (1994: 532) het aanvanklik aangetoon dat hierdie vraag nog glad nie opgelos is nie, maar is wel in 'n latere uitgawe bereid om met 'n groter mate van sekerheid aan die hand te doen ("*submit*") dat 'n rentevrye lening nie 'n skenking uitmaak vir doeleindes van skenkingsbelasting nie (Williams & Louw, 2001: 718 – 719). Owens (LAWSA: 308) is ook huiwerig om pertinent

⁶ Sien byvoorbeeld die verwysing na De Koker (2004: 23.3) direk hieronder, alhoewel die huidige praktyk van die SAID meer volledig in 5.2 hieronder heroorweeg sal word.

standpunt hieroor in te neem, alhoewel ook hy klaarblyklik van mening is dat die gratis verskaffing “van die gebruik van geld” nie ‘n skenking behoort uit te maak nie. Huxham en Haupt (2006: 555) en Van Dorsten (1985: 205) is van die min skrywers wat bereid is om onomwonde te verklaar dat ‘n rentevrye lening nie ‘n skenking, soos gedefinieer in artikel 55, is nie.

Daar word dus in die lig van bogemelde bronne aan die hand gedoen dat nòg in die regspraak nòg onder die hedendaagse skrywers enige absolute sekerheid en eenstemmigheid heers oor of ‘n rentevrye lening ‘n “skenking” van “eiendom” uitmaak en derhalwe onderhewig behoort te wees aan skenkingsbelasting in terme van artikel 54 van die Wet. Daar word egter aan die hand gedoen dat dit opsigself nie genoegsame rede is om bloot te aanvaar dat rentevrye lenings derhalwe nie onderhewig behoort te wees aan skenkingsbelasting nie.

Daar word verder aan die hand gedoen dat daar ook nie absolute sekerheid bestaan oor die kapitaalwinsbelastingimplikasies, indien enige, wat uit die toestaan van rentevrye lenings kan voortspruit nie. Hierdie stand van sake is grootliks daaraan te wyte dat die Suid-Afrikaanse kapitaalwinsbelastingstelsel nog relatief nuut is,⁷ en dat die howe juis daarom nog nie die geleentheid gehad het om sekerheid te gee oor die beginsels onderliggend aan kapitaalwinsbelasting nie.

1.4 Belangrikheid van die navorsing

Daar word aan die hand gedoen dat dit derhalwe noodsaaklik is om sekerheid te verkry oor die algemene skenkingsbelastingimplikasies, indien enige, van rentevrye lenings. Die huidige gebrek aan absolute sekerheid rondom skenkingsbelasting in dié konteks mag wel irrelevant wees in gevalle waar ‘n rentevrye lening tussen maatskappye in dieselfde groep gemaak word. In so ‘n geval sal die maatskappy wat die lening toestaan in elk geval vrystelling van skenkingsbelasting geniet in terme van artikel 56(1)(r) van die Wet, onderhewig daaraan dat die skuldenaar ‘n Suid-Afrikaanse inwoner vir belastingdoeleindes is. In die opsig is dit dus om praktiese redes skynbaar nie noodsaaklik om absolute sekerheid te verkry oor of so ‘n rentevrye lening inderdaad ‘n skenking is, al dan nie.

⁷ Dit is eers ingestel met effek vanaf 1 Oktober 2001.

Daar word egter aan die hand gedoen dat die toestaan van rentevrye lenings allermens beperk is tot maatskappye in dieselfde groep. Voorts geld die groepsvrystelling van skenkingsbelasting ook net waar die skuldenaar 'n Suid-Afrikaanse inwoner is vir belastingdoeleindes. Dit bly derhalwe noodsaaklik om sekerheid oor hierdie aspek te verkry.

Dit is verder noodsaaklik om sekerheid te verkry oor die kapitaalwinstbelastingimplikasies (indien enige) van rentevrye lenings. In dié opsig word die kwessie ook net so relevant selfs vir maatskappye binne dieselfde groep.

1.5 Navorsingsmetodiek

Die navorsingsmetode wat gevolg word, is die historiese metode. Die volgende historiese bronne sal ondersoek word ten einde die doelstellings soos hierbo uiteengesit te verwesenlik:

- Die relevante Suid-Afrikaanse wetgewing;
- Die relevant Suid-Afrikaanse regspraak; en
- Die menings van erkende belastingdeskundiges, soos vervat in handboeke en tegniese tydskrifte.

1.6 Voorgestelde raamwerk

1.6.1 Hoofstuk 2: 'n Inleidende oorweging van die faktore en wetgewing relevant tot die skenkingsbelastingkwessie (“die eerste probleemstelling”)

As vertrekpunt tot die oorweging van die eerste probleemstelling word daar in hierdie hoofstuk ter inleiding oorweging geskenk aan die faktore en wetgewing relevant tot die onderliggende vraag. Daar sal aan die hand gedoen word dat die bepalings van deel V van Hoofstuk II van die Wet, en veral dan artikels 54 tot 56 van die Wet, verder oorweeg moet word ten einde sekerheid te verkry oor die skenkingsbelastingimplikasies, indien enige, van rentevrye lenings in die konteks onder oorweging.

Die faktore onderliggend aan artikels 54 tot 56 van die Wet, wat nie wesenlik is tot die oorweging van die probleemstelling nie, sal daarna net oorsigtelik

oorweeg word, insoverre as wat dit moontlik lig kan werp op die interpretasie van artikels 54 tot 56 van die Wet. Die hoofstuk word afgesluit met 'n kort oorsig van die oorblywende bepalings van deel V van Hoofstuk II van die Wet, synde artikels 57 tot 64 van die Wet, en die impak daarvan, indien enige, op die eerste probleemstelling.

1.6.2 Hoofstuk 3: 'n Onderzoek na die betekenis van die woord "skenking"

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die gemeenregtelike betekenis van die woord "skenking". Die resultate van hierdie ondersoek sal as basis dien vir die daaropvolgende ondersoek na die statutêre betekenis van die woord "skenking", soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet. Die vereistes van (asook die verskille en/of ooreenkomste tussen) 'n gemeenregtelike en 'n statutêre skenking sal aan die hand van Suid-Afrikaanse regspraak vervolgens oorweeg word, en dan spesifiek tot watter mate dit relevant is in die ondersoek van die eerste probleemstelling.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n toepassing en gevolgtrekking oor of die toestaan van 'n rentevrye lening tuisgebring kan word onder die betekenis, en spesifiek dan die statutêre betekenis van 'n skenking, soos vervat in artikel 55 van die Wet.

1.6.3 Hoofstuk 4: 'n Onderzoek na die betekenis van die woord "eiendom" in die konteks van 'n skenking

As 'n verdere stap tot die oorweging van die skenkingsbelastingimplikasies van rentevrye lenings word daar in hierdie hoofstuk ondersoek ingestel na die betekenis van die woord "eiendom". Ter aanvang word die gemeenregtelike betekenis daarvan ondersoek, waarna daar oorgegaan word tot 'n in-diepte ondersoek na die statutêre betekenis daarvan, soos neergelê in artikel 55 van die Wet, aan die hand van Suid-Afrikaanse regspraak.

Ter afsluiting van die hoofstuk word daar oorweeg of die toestaan / verkryging van 'n rentevrye lening neerkom op die oordrag / ontvangs van "eiendom", soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet, en die effek daarvan op die eerste probleemstelling.

1.6.4 Hoofstuk 5: Die moontlike omvang van skenkingsbelasting op 'n rentevrye lening en die SAID se hantering daarvan – as verdere moontlike argumente vir / teen die heffing van skenkingsbelasting op rentevrye lenings

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die moontlike omvang van die skenkingsbelasting wat betaalbaar sal wees, indien 'n rentevrye lening wel volgens die Suid-Afrikaanse reg onderhewig behoort te wees aan skenkingsbelasting. Daar word oorweeg tot watter mate die Wet 'n objektiewe maatstaf neerlê op grond waarvan die SAID wel skenkingsbelasting kan hef op rentevrye lenings. Verder word ondersoek ingestel na hoe die SAID tans rentevrye lenings in die praktyk hanteer.

In die gevolgtrekking tot hierdie hoofstuk sal hierdie twee aspekte ook gesamentlik oorweeg word, insoverre as wat dit verder aanduidend kan wees van die maak van 'n afleiding teen (of vir) die heffing van skenkingsbelasting op rentevrye lenings.

1.6.5 Hoofstuk 6: Rentevrye lenings en kapitaalwinsbelasting (“die tweede probleemstelling”)

In die eerste deel van hierdie hoofstuk word daar in die algemeen ondersoek ingestel na die moontlike wyses waarop die toestaan van rentevrye lenings aanleiding kan gee tot kapitaalwinsbelastingimplikasies vir die betrokke partye. In die tweede deel van hierdie hoofstuk word spesifiek gefokus op paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet en veral op die volgende vrae:

- Kan die toestaan van 'n rentevrye lening neerkom op 'n “skenking” soos na verwys in paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet?
- Kan die toestaan van 'n rentevrye lening, as vergoeding vir die verkryging van 'n bate, neerkom op die gee van “vergoeding wat nie in geld meetbaar is nie”, soos na verwys in paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet?

1.6.6 Hoofstuk 7: Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk bevat 'n oorsig van die navorsing wat hierin onderneem is in die ondersoek van die betrokke skenkingsbelastingkwessie en

kapitaalwinsbelastingkwessie. Daarna word daar 'n gevolgtrekking gemaak oor die volgende aspekte:

- Of 'n rentevrye lening in die konteks onder bespreking inderdaad onderhewig sal (of behoort te) wees aan skenkingsbelasting?
- Die kapitaalwinsbelastingimplikasies van rentevrye lenings (indien enige), en ook spesifiek tot watter mate paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet 'n rol kan speel in die oorweging hiervan.

1.6.7 Hoofstuk 8: Bibliografie

---000---

2 HOOFSTUK 2: 'N INLEIDENDE OORWEGING VAN DIE FAKTORE EN WETGEWING RELEVANT TOT DIE SKENKINGSBELASTINGKWESSIE (“DIE EERSTE PROBLEEMSTELLING”)

2.1 Heffing van skenkingsbelasting - Artikel 54

Skenkingsbelasting (oftewel “belasting op geskenke”, soos na verwys in die Wet) word gehef in terme van Deel V van Hoofstuk II van die Wet,⁸ en dan meer spesifiek in terme van artikel 54 daarvan. Skenkingsbelasting van 20% is ingevolge artikel 54 van die Wet (gelees saam met artikel 64 van die Wet) betaalbaar op:

“die waarde van eiendom waaroor beskik word (hetsy regstreeks of onregstreeks...) ingevolge enige skenking deur enige inwoner...”
(eie beklemtoning).

Vir huidige doeleindes kan daar aanvaar word dat die rentevrye lenings onder bespreking altyd gemaak word deur 'n Suid-Afrikaanse inwoner. Daar word aan die hand gedoen dat die drie oorblywende faktore soos na verwys in die bogemelde definisie wat verdere oorweging verg (soos ook beklemtoon hierbo), derhalwe die volgende elemente is:

- 'n beskikking
- van eiendom
- ingevolge 'n skenking.

2.2 Die beskikkingselement

Appèlregter Marais toon aan dat 'n skenking vir gemeenregtelike doeleindes 'n *beskikking* gemotiveer deur vrygewigheid en onselfsugtige welwillendheid behels.⁹ Waar toepaslik, sal hierdie twee elemente, synde “vrygewigheid” en “onselfsugtige welwillendheid”, gesamentlik na verwys word as “die vrygewigheidselement”.

⁸ Sien in die algemeen artikels 54 tot 64.

⁹ *Welch's Estate v C:SARS* 66 SATC 303 op 312.

Die Hoogste Hof van Appèl het dus na skrywer se mening 'n sekere aksie of handeling (synde die “beskikking”) gekoppel aan die vrygewigheidselement in die neerlê van die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking. Dit maak vanselfsprekend net sin dat 'n sekere handeling (synde die “beskikkingselement”) gekoppel moet word aan die vrygewigheidselement, voordat daar sprake kan wees van 'n skenking. Die blote aanwesigheid van 'n vrygewigheidselement (byvoorbeeld waar 'n belastingpligtige alreeds in sy gedagtes besluit het om 'n sekere handeling te verrig, maar nog nie fisies oorgegaan het daartoe of dit ten uitvoer gebring het nie), sou na skrywer se mening vanselfsprekend nie voldoende wees om 'n gemeenregtelike skenking daar te stel nie.

Daar word egter aan die hand gedoen dat die wetgewer, deur die invoeging van die statutêre definisie van 'n “skenking” in artikel 55 van die Wet, dit onnodig gemaak het om nog steeds aan die “beskikkingselement” as sulks onafhanklike bestaansreg te verleen, as 'n onafhanklike element van die statutêre betekenis van 'n skenking.

Bogenoemde stelling word gemaak in die lig van die betekenis van die woord “beskikking”, soos gebruik in artikel 54 van die Wet, gelees saam met die definisie van 'n “skenking”, soos vervat in artikel 55 van die Wet. “Beskikking” is 'n woord met 'n baie wye betekenis en is volgens Meyer (2003: “Beskikking oor” en “Disposal”) trouens die ekwivalent van die Engelse woord “disposal”, maar in 'n wye konteks.¹⁰

In die Engelse teks van die Wet word die woord “beskikking” in artikel 54 van die Wet dan ook inderdaad vertaal met “disposed of”. Die verwysing na “disposed of” in die Engelse teks van artikel 54 van die Wet is dus na skrywer se mening moontlik selfs toutologies van aard. Dit word duidelik by 'n nadere ondersoek na die definisie van 'n skenking, soos vervat in die Wet. 'n Skenking is naamlik in die Engelse teks van die Wet in artikel 55 gedefinieer as:

“...any gratuitous disposal of property, including...” (eie beklemtoning).

¹⁰ Sien Meyer, J. *Claassens Dictionary of Legal Words and Phrases* – “Beskikking oor”, met verwysing na *Rex v Stein* 1947 (4) SA 445 (T).

Indien 'n "beskikking" dus wel die ekwivalent is van 'n "disposal", word die toutologiese aard van die woord "beskikking" duidelik as dié betekenis van 'n "beskikking" (dit wil sê dat dit die ekwivalent is van 'n "disposal") as volg letterlik ingelees word in die Engelse teks van artikel 54 van die Wet:

[Donations tax] *shall be paid on the value of any property disposed of ... [under any gratuitous disposal] by any resident...* (eie beklemtoning).

Ook in die Afrikaanse teks het die Wetgewer die handelingselement wat vereis word vir die maak van 'n skenking (d.w.s. die "beskikkingselement soos deur ons howe neergelê in 'n gemeenregtelike konteks) ingeskryf in die definisie van 'n "skenking", synde die *oormaking* van eiendom, wat insluit die *afstanddoening* van 'n reg.¹¹ Die vraag wat egter nou ontstaan is of 'n "beskikking" van 'n bate bloot die oormaking van eiendom en die afstanddoening van 'n reg behels. Indien wel, sal dit volgens skrywer die finale bevestiging wees van die toutologiese aard van die gebruik van die woord "beskikking" ook in die Afrikaanse teks van artikel 54 van die Wet.

Daar word aan die hand gedoen dat die algemene betekenis van die woord "beskikking" wyer kan strek as die blote "oormaking van eiendom" en die "afstanddoening van 'n reg", soos na verwys in die definisie van 'n skenking in artikel 55 van die Wet. In *Ovenstone v SIR*, merk Appèlregter Trollip byvoorbeeld op dat 'n "beskikking" die Afrikaanse ekwivalent is van 'n "disposition", let wel nie "disposal" soos hierbo na verwys nie,¹² en dat dit *enige* regshandeling ten opsigte van goed behels.¹³ Hy gaan selfs verder en voer aan dat die blote toestaan van 'n lening ook 'n beskikking kan wees. Hierdie opmerkings is egter gemaak in die konteks van die oorweging van die frase "of ander beskikking", soos na verwys in artikel 7(3) van die Wet en nie in die konteks van die oorweging van die betekenis van 'n "skenking" nie.

Die relevansie van Appèlregter Trollip se opmerkings in *Ovenstone v SIR*, in soverre as wat dit relevant kan wees by die oorweging van die eerste

¹¹ Sien die definisie van 'n "skenking" in artikel 55 van die Wet.

¹² Sien die betekenis van "Beskikking oor" en "Disposal" in Meyer, J. *Claassens Dictionary of Legal Words and Phrases*.

¹³ *Ovenstone v SIR* 42 SATC 55 op 71, met verwysing na *Die Afrikaanse Woordeboek*. Sien ook die wye betekenis van "beskik" en "beskikking" in De Villiers, Smuts, Eksteen en Gouws. *Nasionale Woordeboek Afrikaanse Woordverklaring* op bladsy 5, wat insluit "...na goeddunke kan handel met..." en "...geleentheid om van iets gebruik te maak".

probleemstelling, sal in groter diepte in hoofstuk 4 hieronder oorweeg word. Vir huidige doeleindes word daar volstaan met die volgende gevolgtrekking: 'n beskikking, soos na verwys in artikel 54 van die Wet, kan argumenteerbaar 'n wyer betekenis hê as die blote oormaking van eiendomsreg of die afstanddoening van 'n reg.¹⁴ In die konteks van artikel 54 van die Wet is dit egter duidelik dat die betekenis van “beskikking” beperk word deur die definisie van 'n skenking. Skenkingsbelasting word nie ingevolge artikel 54 van die Wet gehef op enige beskikking nie, maar bloot op eiendom waarvoor beskik word “...ingevolge enige skenking...”.¹⁵ Die omvang van 'n beskikking, vir doeleindes van skenkingsbelasting, kan dus na skrywer se mening nie wyer strek as die definisie van 'n “skenking” soos na verwys in artikel 55 van die Wet nie.

Daar word dus aan die hand gedoen dat “beskikking” as sulks nie (meer) 'n afsonderlike vereiste daar stel in die statutêre konteks nie, en dit sal dus nie verder afsonderlik oorweeg word by die oorweging van die kwessie onder bespreking nie. Daar sal egter steeds met die relevansie van 'n “beskikkingshandeling” gehandel word by die bespreking van die skenkingsvereiste verder hieronder,¹⁶ in soverre as wat dit steeds relevant mag wees by die oorweging van die eerste probleemstelling.

2.3 “Eiendom” en “Skenking”

Skrywer is derhalwe van mening dat die twee elemente onderliggend aan die skenkingsbelastingkwessie wat in die besonder verdere oorweging verlang, die betekenis van “skenking” en “eiendom”, soos na verwys in artikel 54 van die Wet, is. Beide hierdie terme is gedefinieer in artikel 55 van die Wet.

Hierdie statutêre betekenis sal in diepte verder ondersoek word in hoofstuk 3 en 4 onderskeidelik, in die oorweging van die eerste probleemstelling. Dit verdien egter nou reeds vermelding dat 'n “skenking” gedefinieer is nie alleen as “n gratis oormaking van eiendom” nie, maar ook as insluitende “n gratis afstanddoening van 'n reg”.¹⁷ Hierdie tweede been tot die definisie van 'n “skenking” sal ook verder ondersoek word in hoofstuk 4 hieronder.

¹⁴ Sien die definisie van 'n “skenking” in artikel 55 van die Wet.

¹⁵ Sien die bewoording van artikel 54 van die Wet.

¹⁶ Sien hoofstuk 3 in die algemeen.

¹⁷ Sien “skenking” in artikel 55 van die Wet.

2.4 Artikel 56 vrystellings

Artikel 56 van die Wet bevat 'n lys van gevalle waar sekere beskikkings van eiendom ingevolge 'n skenking vrygestel word van skenkingsbelasting. Van hierdie vrystellings kan wel in gegewe omstandighede van toepassing wees waar 'n rentevrye lening gemaak word. Soos reeds voorheen vermeld, sal 'n maatskappy wat 'n rentevrye lening toestaan aan 'n ander maatskappy in dieselfde groep in elk geval vrystelling van skenkingsbelasting geniet in terme van artikel 56(1)(r) van die Wet, onderhewig daaraan dat die ontvanger van die leningskapitaal 'n Suid-Afrikaanse inwoner vir belastingdoeleindes is.

In gevalle waar artikel 56 van die Wet dus toepassing vind, soos byvoorbeeld in die voorbeeld hierbo, sal dit in elk geval vir praktiese redes onnodig wees om sekerheid te verkry oor of so 'n rentevrye lening inderdaad 'n skenking vir skenkingsbelastingdoeleindes uitmaak al dan nie. Vir huidige doeleindes kan daar egter aanvaar word dat nie een van die vrystellings soos na verwys in artikel 56 van die Wet toepassing vind in die spesifieke omstandighede onderliggend aan die eerste probleemstelling nie. In die opsig is artikel 56 van die Wet dus irrelevant vir huidige doeleindes.

Artikel 56(1)(m) van die Wet stel egter ook die volgende beskikkings vry van skenkingsbelasting:

“...die waarde van eiendom waarvoor beskik word ingevolge 'n skenking ... indien sodanige eiendom bestaan uit 'n reg ... op die gebruik of okkupasie van eiendom wat vir boerderydoeleindes gebruik word, teen geen vergoeding... en die begiftigde 'n kind van die skenker is.” (eie beklemtoning).

Schnetler (1984: 78) argumenteer dat die Wetgewer juis so 'n reg om eiendom te gebruik vrygestel het omdat dit deur die Wetgewer as 'n skenking beskou word. Hy gaan verder en toon aan dat hierdie vrystelling dus ook moontlik van toepassing kan wees waar 'n ouer die gebruik van geld (byvoorbeeld deur 'n lening toe te staan) aan sy kind verleen om 'n plaas te koop. Hy voer dan aan dat die afleiding dus gemaak kan word dat die gratis gebruik van geld deur die

Wetgewer as 'n skenking beskou kan word.¹⁸ Indien hierdie afleiding korrek is, kan artikel 56 van die Wet, ten minste in 'n indirekte verband, steeds 'n rol speel by die oorweging van die skenkingsbelastingkwessie. In die verband is dit dus noodsaaklik dat artikel 56 van die Wet wel verder oorweeg word, wat gedoen word in hoofstuk 4 hieronder.¹⁹

2.5 Ander bepalings van Deel V – artikels 57 tot 64

Daar word aan die hand gedoen dat die oorblywende bepalings van Deel V van Hoofstuk II van die Wet (d.w.s. alle bepalings uitgesonderd artikels 54 tot 56 van die Wet) nie enige wesenklike rol speel by die oorweging van die kwessie onder bespreking nie, met die uitsondering van moontlik artikel 58 en artikel 62 van die Wet, gelees saam met artikel 64 van die Wet.

Artikel 58 van die Wet bepaal dat in gevalle waar 'n persoon oor eiendom beskik teen 'n vergoeding wat nie vir die Kommissaris voldoende vergoeding is nie, word so 'n persoon geag 'n skenking te maak het van daardie eiendom gelyk aan die waarde van sodanige eiendom minus die bedrag van enige vergoeding ontvang.

In gevalle waar daar dus oor 'n bate beskik word in ruil vir die toestaan van 'n rentevrye lening, kan sodanige rentevrye lening moontlik in gegewe omstandighede aanleiding gee tot skenkingsbelasting. Davis, Beneke en Jooste (2004: 13.6) voer egter aan dat dit uiters problematies gaan wees om die waarde van 'n rentevrye lening, wat op aanvraag terugbetaalbaar is, te bereken ten einde die omvang van die skenkingsbelasting te bereken, en voer dan bloot aan dat daar dus juis om hierdie praktiese rede geen blootstelling aan skenkingsbelasting sal wees nie.

Die verdere vraag is of die blote toestaan van 'n rentevrye lening (dit wil sê sonder dat daar oor 'n bate beskik word in ruil vir die toestaan daarvan) ook deur die bepalings van artikel 58 van die Wet getref kan word, al dan nie. Van Dorsten (1985: 205 – 206) is van mening dat 'n rentevrye lening nie deur die bepalings van artikel 58 van die Wet getref sal word nie, en voer die volgende redes daarvoor aan:

¹⁸ Schnetler, P.R. 1984. *Die Belastingimplikasies van twee skemas* in 7.1.2 op bladsy 78.

¹⁹ Sien spesifiek 4.5 hieronder.

- Wat die oorbetaal van die leningskapitaal as sulks betref, en in soverre as wat daar in die opsig dus wel oor 'n bate beskik word, kan daar by 'n rentevrye lening nie enige sprake wees van “onvoldoende vergoeding”²⁰ nie, onderhewig daaraan dat die skuldenaar eventueel die volle leningskapitaal terugbetaal;²¹
- Wat die versuim om rente te hef betref, vereis artikel 58 van die Wet steeds daar daar oor “eiendom” beskik moet word. In die konteks van 'n rentevrye lening moet die skuldeiser dus 'n addisionele vorm van eiendom hê waarvoor hy/sy beskik, en in die lig daarvan dat die skuldeiser nie vooraf enige reg het om rente te hef nie, kan die skuldeiser nie oor enige “eiendom” beskik wanneer hy/sy versuim om rente te hef op die rentevrye lening nie.²²

Skrywer hiervan is dit eens met Van Dorsten dat wat die oorbetaal van die leningskapitaal as sulks betref (sien die eerste punt hierbo), die toestaan van 'n rentevrye lening nie deur die bepalings van artikel 58 van die Wet getref behoort te word nie. Die posisie is egter na skrywer se mening nie heeltemal so duidelik wat die versuim om enige rente te hef (sien die tweede punt hierbo) betref nie. Die vraag oor of 'n skuldeiser nie tog steeds oor (addisionele) “eiendom” beskik by die toestaan van die rentevrye lening nie, vorm ook deel van die ondersoek na die toepassing van artikel 54 van die Wet, gelees saam met die definisies van artikel 55 van die Wet verder hieronder. Hierdie aspek sal dus verder in hoofstuk 4 hieronder ondersoek word, waarna daar 'n gevolgtrekking oor die toepassing van beide artikels 54 en 58 van die Wet op rentevrye lenings gemaak sal word.²³

Artikel 64 van die Wet bepaal die skaal van belasting (tans 20%) waarteen skenkingsbelasting hefbaar is. Hierdie skaal is egter betaalbaar ten opsigte van die waarde van eiendom waarvoor ingevolge 'n skenking beskik is. Dit wil dus voorkom of skenkingsbelasting dus net betaalbaar kan wees waar daar inderdaad 'n waarde op eiendom geplaas kan word. Dit mag vanselfsprekend

²⁰ sien artikel 58(1) van die Wet, wat vereis dat daar oor eiendom beskik moes word teen 'n vergoeding wat na die Kommissaris se oordeel nie “voldoende vergoeding” is nie, voordat artikel 58(1) van die wet toepassing kan vind.

²¹ sien Van Dorsten, J.L. *Interest-free loans and donations tax* op 206.

²² sien Van Dorsten, J.L. *supra* op 205.

²³ sien spesifiek die gevolgtrekking in 4.6 hieronder.

in sekere omstandighede problematies wees om 'n waarde op sekere eiendom te plaas, afhangende van die aard van die eiendom.

Die Wetgewer het dus in artikel 62 van die Wet voorsiening gemaak vir 'n spesifieke lys van gevalle ingevolge waarvan die waarde van eiendom geag sal wees 'n sekere bedrag te wees. Artikel 62(1)(a) tot (c) van die Wet, gelees saam met artikel 62(2) en (3) van die Wet lê spesifieke formules neer vir die bepaling van die waarde van byvoorbeeld 'n fidusiêre reg, 'n vruggebruik of ander dergelike reg op goed, 'n reg op jaargeld en eiendomsreg op roerende of onroerende goed wat onderworpe is aan 'n vruggebruik of ander dergelike reg, vir doeleindes van skenkingsbelasting.

Artikel 61(1)(d) van die Wet gaan verder en toon aan dat vir skenkingsbelastingdoeleindes die waarde van enige ander eiendom (d.w.s. uitgesluit die regte soos na verwys in artikel 62(1)(a) tot (c) van die Wet) die billike markwaarde van die eiendom is, soos op die datum waarop die skenking in werking tree.

In die opsig kan artikel 64 van die Wet, gelees saam met artikel 62 van die Wet, dus steeds 'n rol speel by die oorweging van die eerste probleemstelling. Die onsekerheid wat mag ontstaan rondom die plaas van 'n waarde op die eiendom wat ingevolge 'n rentevrye lening oor beskik is (indien dit in die eerste instansie moontlik is), sal meer volledig in hoofstuk 5 hieronder oorweeg word.

2.6 Gevolgtrekking

Daar word dus aan die hand gedoen dat die twee elemente onderliggend aan die eerste probleemstelling wat in die besonder verdere oorweging verlang, die betekenis van “skenking” en “eiendom” is, soos na verwys in artikel 54 van die Wet (en wat “eiendom” betref ook in artikel 58 van die Wet) en soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet. Hierdie twee aspekte word nou vervolgens ondersoek in hoofstuk 3 en 4 hieronder.

Verder bestaan daar die moontlikheid dat die bepalings van artikel 56(1)(m) van die Wet, spesiek insoverre as wat dit aanduidend kan wees daarvan dat die gratis verleen van die gebruik van 'n bate ook 'n skenking kan wees, ook 'n rol kan speel by die oorweging van die skenkingsbelastingimplikasies van rentevrye lenings. Hierdie aspek word verder in hoofstuk 4 hieronder oorweeg.

Laastens bepaal artikel 64 van die Wet dat skenkingsbelasting betaalbaar is ten opsigte van die waarde van eiendom waaroor ingevolge 'n skenking beskik is. Die onsekerheid wat mag ontstaan rondom die plaas van 'n waarde op die eiendom wat ingevolge 'n rentevrye lening oor beskik is (indien daar inderdaad oor eiendom beskik word), kan dus ook 'n rol speel by die oorweging van die eerste probleemstelling, en sal dus meer volledig in hoofstuk 5 hieronder oorweeg word.

---000---

3 HOOFSTUK 3: ‘N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD “SKENKING”

3.1 Gemeenregtelike betekenis

Die gemeenregtelike betekenis van ‘n skenking is reeds telkemale deur die Suid-Afrikaanse howe oorweeg en deur erkende belastingkundiges ondersoek.²⁴ Die betekenis daarvan is egter duidelik opgesom in die volgende woorde van Appèlregter Marais in die onlangse (2004) *Welsh* beslissing, synde ‘n *beskikking* gemotiveer deur *vrygewigheid* (“pure liberality”) en *onselfsugtige welwillendheid* (“disinterested benevolence”).²⁵

Die twee elemente van vrygewigheid en onselfsugtige welwillendheid (voorheen na verwys as die “vrygewigheidselement”) blyk dus aan die hand van hierdie onlangse uitspraak deur die Appèlhof ‘n noodsaaklike *essentialia* van ‘n gemeenregtelike skenking te wees. Die oomblik wat die rede vir ‘n beskikking dus iets anders as die suiwer vrygewigheid en welwillendheid teenoor die ontvanger van die skenking is, kan daar nie meer ‘n skenking wees nie.²⁶

Soos egter reeds oorsigtelik in hoofstuk 2 na verwys,²⁷ is daar ‘n tweede *essentialia* vir ‘n gemeenregtelike skenking wat net so belangrik is, synde die handelingselement oftewel die “beskikking” soos ook hierbo na verwys deur Appèlregter Marais. Hierdie handelingselement kom nog duideliker na vore uit die volgende gemeenregtelike betekenis, soos voorgehou deur Clegg en Stretch (2004: 29.2.2) synde ‘n ooreenkoms ingevolge waarvan ‘n persoon heeltemal gratis en ongevraag (“*gratuitously*”) die eienaarskap van ‘n saak aan

²⁴ Sien byvoorbeeld *CIR v Estate Late Hulett* 52 SATC 109 op 118 en 119, *Ovenstone v CIR supra* op 73 en Clegg, D. et al *Income Tax in South Africa* in 29.2.2.

²⁵ *Welch’s Estate v C:SARS supra* op 312: “*The test to be applied at common law to determine whether the disposition of an asset amounts to a donation properly so called ... is so well-settled that it hardly needs repetition. The test is of course that the disposition must have motivated by ‘pure liberality’ or ‘disinterested benevolence.’*” (eie beklemtoning).

²⁶ *Welch’s Estate v C:SARS supra* op 313, met verwysing na *De Jager v Grunder* 1964 (1) SA 463 AD op 463D – E in die Suid-Afrikaanse Hofverslae.

²⁷ Sien 2.2 hierbo.

'n ander persoon *lewer*, of *onderneem om dit te lewer*, sonder enige regsverpligting daartoe en met die bedoeling om die ander persoon te verryk.²⁸

Volgens Clegg en Stretch (2004: 29.2.2) kan die gratis afstanddoening van 'n reg ook tuisgebring word onder 'n gemeenregtelike skenking.²⁹

3.2 Statutêre betekenis

Soos voorheen vermeld, word skenkingsbelasting ingevolge artikel 54 van die Wet ook gehef op die *beskikking* van eiendom, maar nou nie meer op die beskikking van enige eiendom nie, maar bloot op eiendom waarvoor beskik word ingevolge enige "skenking". 'n "Skenking" word vervolgens in artikel 55 van die Wet bloot gedefinieer as:

"'n gratis oormaking van eiendom, en ook 'n gratis afstanddoening van 'n reg".

Daar word dus aan die hand gedoen dat in die lig van die bepalings van artikel 54 van die Wet, gelees saam met die definisie van "skenking" in artikel 55 van die Wet, slegs die volgende elemente aanwesig moet wees ten einde 'n *statutêre* skenking daar te stel, synde:

- die vrygewigheidselement, soos voorheen na verwys,³⁰ en
- die oormaking van eiendom *of* die afstanddoening van 'n reg.³¹

3.3 Vergelyking tussen gemenegereg en statutêre reg

Clegg en Stretch (2004: 29.2.2) doen aan die hand dat daar oënskynlik geen verskil tussen die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking en die definisie van 'n skenking soos vervat in artikel 55 van die Wet bestaan nie. Hulle gaan selfs verder en voer aan dat enige gemeenregtelike skenking sonder twyfel binne die bestek van artikel 55 van die Wet sal val.³² Silke (1996: 94) voer ook

²⁸ Met 'n beroep op Voet in sy *Commentarius ad Pandectas* op 39.5.1. Sien ook *CIR v Estate Late Hulett supra* op 120: "The word 'donation' has acquired under our law the meaning of a *gratuitous disposal of property* prompted by motives of sheer liberality or disinterested benevolence." (eie beklemtoning).

²⁹ Met 'n beroep op *Coronel's Curator v Estate Coronel* 1941 AD 323.

³⁰ Sien die verwysing na "gratis" in die definisie van 'n "skenking" in artikel 55 van die Wet.

³¹ Sien ook die bespreking in 2.2 van hoofstuk 2.

³² Clegg, D. et al *Income Tax in South Africa* in 29.2.2.

aan dat die definisie van 'n skenking ooreenstem met (“conforms to”) die gemeenregtelike betekenis daarvan.

Daarteenoor het die Appèlhof by monde van Appèlregter Marais in die onlangse *Welch's Estate* – saak bevestig dat die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking *nie sinoniem* is aan die definisie daarvan soos neergelê in artikel 55 van die Wet nie. Appèlregter Marais toon egter wel aan dat ten minste in sekere opsigte die definisie van 'n skenking in artikel 55 van die Wet steeds ooreenstem met die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking.³³ Silke (2004: 158) voer egter opnuut aan, in 'n bespreking van die *Welch's Estate* – saak, dat die definisie van 'n skenking in artikel 55 van die Wet steeds ooreenstem met die wetgewer se bedoeling om nie afstand te doen van die gemeenregtelike konsep van 'n skenking nie.

Appèlregter Marais bevestig opnuut in 'n meer onlangse toespraak van hom wat deur skrywer bygewoon is, dat daar nie noodwendig 'n absolute ooreenkoms bestaan tussen 'n gemeenregtelike skenking en 'n statutêre skenking soos neergelê in artikel 55 van die Wet nie. As voorbeeld van 'n moontlike onderskeid tussen die twee betekenis se voer hy in die toespraak aan dat die toevoeging van “die afstanddoening van 'n reg” element in die definisie van 'n skenking in artikel 55 van die Wet³⁴ byvoorbeeld nie noodwendig tuisgebring kan word onder die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking nie.³⁵

In die lig hiervan heers daar na skrywer se mening nie absolute eenstemmigheid onder die Suid-Afrikaanse belastingkundiges en regspraak oor of 'n sogenaamde “gemeenregtelike skenking” ook deur die bepalings van die Wet ondervang sal word (dit wil sê in effek dat daar geen verskil is tussen die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking en die statutêre betekenis daarvan, soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet), wat na skrywer se mening sal impliseer dat die gemeenregtelike beginsels onderliggend aan 'n skenking soos deur ons howe neergelê ook oorweeg kan word by die interpretasie van 'n “skenking” in die konteks van artikel 55 van die Wet.

³³ Sien *Welch's Estate v C:SARS supra* op 313 en 315, met 'n beroep op *CIR v Estate Hulett supra* 109 op 123.

³⁴ Soos in 3.2 hierbo na verwys.

³⁵ Marais, R.M. 2005. *Welch's Estate v C:SARS*. Toespraak gelewer by die South African Fiscal Association seminaar, Kaapstad, 27 September 2005.

Alhoewel skrywer van mening is dat Appèlregter Marais se beskouing in die opsig waarskynlik meer akkurraat is (dit wil sê dat die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking *nie* sinoniem is aan die definisie daarvan soos neergelê in artikel 55 van die Wet *nie*), word daar aan die hand gedoen dat die volgende twee vrae steeds verdere oorweging verg:

- Eerstens, of dit steeds noodsaaklik is om sekerheid te verkry oor of die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking analoog is aan 'n skenking ingevolge artikel 55 van die Wet, in die lig van die *Welch Estate* – beslissing.
- Tweedens, of die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking in elk geval nog hoegenaamd relevant is by die oorweging van die eerste probleemstelling, gewewe die statutêre betekenis wat die wetgewer aan 'n skenking gegee het, soos vervat in die definisie daarvan in artikel 55 van die Wet.

Wat die eerste vraag betref, word daar aan die hand gedoen dat dit wel steeds noodsaaklik is, spesifiek dan ook in die ondersoek na die skenkingsbelastingimplikasies van rentevrye lenings, om hierdie onderskeid tussen die twee betekenisvoortdurend te handhaaf, en wel om die volgende redes:

In die eerste plek, soos aangevoer deur Appèlreger Marais (sien hierbo), moet daar in gedagte gehou word dat die statutêre betekenis van 'n skenking (ook die gratis afstanddoening van 'n reg insluit, wat moontlik nie tuisgebring kan word onder 'n gemeenregtelike skenking *nie*). Soos aangevoer sal word in hoofstuk 4 hieronder,³⁶ is hierdie spesifieke konsep (synde die “afstanddoening van 'n reg”) uiters relevant by die oorweging van die eerste probleemstelling.

In die tweede plek moet daar ingedagte gehou word dat die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking, wat die blote “beskikking” oor eiendom as vereiste stel, terselfertyd 'n wyer toepassingsveld kan hê as 'n statutêre skenking. Soos vroeër aan die hand gedoen is,³⁷ kan die omvang van 'n beskikking, vir

³⁶ Sien spesifiek 4.1 hieronder.

³⁷ Sien 3.2 hierbo.

doeleindes van skenkingsbelasting, egter nie wyer strek as die definisie van 'n "skenking" soos na verwys in artikel 55 van die Wet nie.

Wat die tweede vraag betref, naamlik of die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking dan nog hoegenaamd relevant is by die oorweging van die eerste probleemstelling, word daar aan die hand gedoen dat ten minste die gemeenregtelike beginsels onderliggend aan die betekenis van 'n skenking steeds relevant bly by die ondersoek van die eerste probleemstelling.

Om net een voorbeeld te noem ter staving van hierdie stelling, die statutêre definisie van 'n skenking vereis steeds dat die eiendom *gratis* oorgemaak moet word of dat daar *gratis* van 'n reg afstand gedoen moet word. Meyerowitz (2000 - 2001: 31.4) het aanvanklik die mening gehuldig dat die elemente van "vrygewigheid" en "onselfsugtige welwillendheid", soos gevestig in ons regspraak, nie langer 'n vereiste is vir die bestaan van 'n statutêre skenking soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet nie, in die lig van die spesifieke statutêre definisie van 'n skenking, wat bloot vereis dat daar 'n *gratis* oormaking van eiendom of 'n *gratis* afstanddoening van 'n reg moet wees.

In die *Welch's Estate* - beslissing³⁸ verwys Appèlregter Marais egter pertinent na hierdie opmerking deur Meyerowitz en verskil hy daarvan op die basis dat die gemeenregtelike vereiste dat die beskikking steeds die gevolg moet wees van 'n vrygewigheidselement of 'n onselfsugtige welwillendheidselement, en sonder enige hoop op 'n teenprestasie, ook steeds deel vorm van die statutêre definisie van 'n skenking. Hy kom tot hierdie gevolgtrekking nadat hy juis hierdie gemeenregtelike vereistes (synde die elemente van *vrygewigheid*, *onselfsugtige welwillendheid* en *sonder enige hoop op teenprestasie*) aanvoer as die beste en mees geskikte betekenis of definisie vir die woord "gratis" of "gratuitous" (in Engels), soos na verwys in die definisie van 'n skenking in artikel 55 van die Wet.

In hierdie opsig voer Appèlregter Marais dus aan dat daar geen verskil is tussen die gemeenregtelike en die statutêre betekenis van 'n skenking nie. Meyerowitz (2005 – 2006: 31.4) wysig sy vorige stelling in die verband om dit in lyn te bring

³⁸ *Welch's Estate v C:SARS* supra op 314.

met die opmerkings van Appèlregter Marais, met spesifieke verwysing na die meerheidsbeslissing in die *Welch Estate* – saak soos hierbo na verwys.

In die lig hiervan word daar aan die hand gedoen dat die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking steeds relevant bly in die oorweging van die eerste probleemstelling. So byvoorbeeld behoort die betekenis wat deur ons howe geheg is aan die begrippe *vrygewigheid* (“pure liberality”) en *onselfsugtige welwillendheid* (“disinterested benevolence”) steeds 'n rol te speel by die oorweging van die vraag of daar 'n *gratis* oormaking van eiendom was of 'n *gratis* afstanddoening van 'n reg.

3.4 Toepassing van die statutêre betekenis op rentevrye lenings

Alhoewel die gemenerereg dus steeds die vertrekpunt bly en steeds 'n rol kan speel by die oorweging van die relevante beginsels, moet die skenkingsbelastingimplikasies van rentevrye lenings as sulks na skrywer se mening nogtans steeds getoets word aan die statutêre betekenis van 'n “skenking” soos neergelê deur die wetgewer.

In wat verder hieronder volg, sal enige verwysing na 'n “skenking” dus 'n verwysing na 'n statutêre skenking soos neergelê in artikel 55 van die Wet wees, tensy daar uitdruklik aangetoon word dat daar na 'n gemeenregtelike skenking of die gemeenregtelike beginsels onderliggend aan 'n skenking verwys word.

Soos hierbo aangetoon, vereis 'n skenking twee elemente, synde die sogenaamde “gratis” element (of vrygewigheidselement soos voorheen na verwys in die konteks van die gemenerereg) en tweedens die oormaking van eiendom of die afstanddoening van 'n reg.³⁹

Wat die vrygewigheidselement betref, word daar aan die hand gedoen dat dit vanself spreek dat die blote oorbetal van die leningskapitaal as sulks nie 'n skenking kan uitmaak nie, juis omdat die leningskapitaal terugbetaalbaar is, soos ook bevestig deur Van Dorsten (1985: 203). Die blote feit dat eiendom wel aanvanklik oorgemaak word deur die skuldeiser aan die skuldenaar (deur die betaling van die leningskapitaal) word dus na skrywer se mening irrelevant

³⁹ Sien 3.2 hierbo.

juis omdat die leningskapitaal weer terugbetaalbaar is. Daar word dus aan die hand gedoen dat die onmiddellike verpligting tot terugbetaling van die leningskapitaal (selfs indien die leningskapitaal eers op 'n onbekende stadium in die toekoms fisies terugbetaal moet word deur die skuldenaar) alle twyfel uit die weg ruim dat daar enige element van welwillendheid teenwoordig kan wees aan die kant van die belastingpligtige wat die lening toestaan.

Die vraag wat egter nou ontstaan is of die *versuim om enige rente te hef*, nie die vereiste welwillendheidselement bevat wat die rentevrye lening ten minste binne die omvang van die eerste vereiste vir 'n skenking (synde die "gratis" vereiste) sal tuisbring nie. Daar word aan die hand gedoen dat dit 'n redelike algemene besigheidspraktyk is vir een party om (normaalweg) geld uit te leen teen 'n ooreengekome rentekoers aan die ontvanger van die leningskapitaal. Waar 'n skuldeiser dus, in stryd met hierdie algemene besigheidspraktyk, geld uitleen aan 'n skuldenaar sonder om enige rente te vra, ontstaan daar na skrywer se mening ten minste met die eerste oogopslag die indruk dat daar tog 'n element van onselfsugtige welwillendheid aanwesig is aan die kant van die skuldeiser, indien sy gedrag gemeet word aan die algemene besigheidspraktyk.

By nadere ondersoek mag dit dalk blyk dat die onderskeid tussen die "gratis" element aan die een kant en die oormaking van eiendom of die afstanddoening van 'n reg aan die ander kant, as die twee vereistes onderliggend aan 'n statutêre skenking, ietwat vervaag. Daar kan moontlik selfs geargumenteer word dat hierdie twee elemente nie geskei kan word nie en altyd as een vereiste hanteer moet word. Skrywer is egter nogtans die mening toegedaan dat waar twee skuldeisers geld uitleen, die een sonder om enige rente te hef en die ander een eers nadat hy/sy 'n sekere rentekoers op die leningskapitaal met die skuldenaar beding het, uit 'n objektiewe oogpunt gesien, die eerste skuldeiser ongetwyfeld 'n element van welwillendheid openbaar het teenoor die skuldenaar.

Dit is wel so, soos ook deur Van Dorsten (1985: 203) aangevoer, dat die uitlener van geld nie vooraf 'n reg het om rente te hef nie, maar dat hierdie reg eers ontstaan *na* die aangaan van 'n ooreenkoms om rente te betaal.⁴⁰ Spring

⁴⁰ Sien ook sy verwysing na die bevestiging van hierdie beginsel in byvoorbeeld *Balliol Investment Company v Jacobs* 1946 TPD 269 op 272 en *Coronel's Curator v Estate Coronel* 1941 AD 323.

(1998) bevestig ook hierdie beginsel, met 'n verwysing na 'n opmerking deur Costa Divaris, en brei dit selfs uit deur aan te voer dat daar nie alleen geen verpligting op 'n skuldeiser berus om rente te hef nie, maar selfs as hy of sy rente hef, daar geen verpligting op hom/haar berus om 'n markverwante rente te hef nie. Nogtans gaan hierdie wesenlike aspek eers relevant word by die oorweging van die tweede vereiste onderliggend aan 'n statutêre skenking, synde die oormaking van eiendom of die afstanddoening van 'n reg.⁴¹

Insoverre as wat daar ter aanvang bloot oorweeg moet word of hierdie element van onselfsugtige welwillendheid wel aanwesig is in die gedrag van 'n skuldeiser wat 'n rentevrye lening toestaan, word daar dus aan die hand gedoen dat dit wel die geval is, ongeag die feit dat so 'n skuldeiser in elk geval nie vooraf 'n reg op rente gehad het nie, soos hierbo aangetoon. Dit is na skrywer se mening argumenteerbaar, alhoewel skrywer nie enige bevestiging hiervan in ons regspraak of onder ons skrywers kon verkry nie, dat selfs die besluit om nie vooraf met die skuldenaar te begin onderhandel oor die heffing van rente op die leningskapitaal nie, opsigself reeds 'n mate van onselfsugtige welwillendheid kan openbaar aan die kant van die skuldeiser.

Soos egter reeds voorheen aangetoon, is die "gratis" vereiste bloot die eerste deel van die statutêre definisie van 'n skenking en moet dit dus oorweeg word saam met die tweede deel van die definisie van 'n skenking in artikel 55 van die Wet, naamlik die oormaking van eiendom of die afstanddoening van 'n reg. Toegepas op 'n rentevrye lening, ontstaan die vraag dus of die rente-komponent van 'n lening (of die gebrek om enige rente te hef) in die eerste plek "eiendom" kan uitmaak, wat dus deur die skuldeiser oorgemaak kan word aan die skuldenaar, alternatiewelik of daar regtens enige reg aan hierdie rente-komponent gekoppel kan word, waarvan die skuldeiser wat 'n rentevrye lening toegestaan het dus afstand kon doen. Die begrip "eiendom" word vervolgens in die hieropvolgende hoofstuk 4 oorweeg, in 'n poging om 'n antwoord op hierdie vraag te verkry.

3.5 Gevolgtrekking

Uit 'n ondersoek na die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking blyk dit na skrywer se mening duidelik dat die twee elemente van vrygewigheid en

Shrand (1971: 248) bevestig pertinent dat waar 'n reg, wat nog nie verkry is nie, van afstand gedoen word ("is renounced"), daar geen skenking kan wees nie.

onselfsugtige welwillendheid aan die kant van die skenker 'n noodsaaklike *essentialia* van 'n gemeenregtelike skenking is. Daar is egter ook 'n tweede *essentialia* vir 'n gemeenregtelike skenking wat net so belangrik is, synde die handelingselement aan die kant van die skenker, oftewel die “beskikking” oor die eiendomsreg van 'n bate.

Wanneer die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking met die statutêre definisie daarvan, soos vervat in artikel 55 van die Wet, vergelyk word, blyk dit of die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking nie noodwendig sinoniem is aan die statutêre definisie daarvan nie, alhoewel die twee betekenisse ten minste in sekere opsigte steeds ooreenstem. Nogtans bly dit steeds relevant om oorweging te skenk aan die gemeenregtelike beginsels onderliggend aan 'n skenking. Meer spesifiek behoort die betekenis wat deur ons howe geheg is aan die begrippe *vrygewigheid* (“pure liberality”) en *onselfsugtige welwillendheid* (“disinterested benevolence”) steeds 'n rol te speel by die oorweging van die vraag of daar 'n *gratis* oormaking van eiendom was of 'n *gratis* afstanddoening van 'n reg, soos vereis in die statutêre betekenis van 'n skenking.

Toegepas op rentevrye lenings, word daar as 'n gevolgtrekking tot hierdie hoofstuk 3 aan die hand gedoen dat 'n *vrygewigheidselement* of 'n *onselfsugtige welwillendheidselement* wel teenwoordig is wanneer 'n skuldeiser 'n lening toestaan sonder om enige rente te hef. Daar kan egter nie net gefokus word op hierdie eerste been van 'n statutêre skenking nie. In die konteks van artikel 54 van die Wet, gelees saam met die definisie van “skenking” in artikel 55 van die Wet, word daar iets meer vereis as die blote aanwesigheid van hierdie element van vrygewigheid. Die element van vrygewigheid moet naamlik die oorsaak wees vir enige van die volgende handelingselemente *voordat* 'n statutêre skenking aanwesig sal wees (analooq aan die handelingselement in die konteks van 'n gemeenregtelike skenking), synde:

- Die (gratis) beskikking oor of oormaking van *eiendom*,⁴² of
- Die (gratis) afstanddoening van 'n *reg*.⁴³

Alhoewel 'n rentevrye lening dus oënskynlik reeds tuisgebring kan word onder die eerste been van die statutêre betekenis van 'n skenking (insoverre as wat

⁴¹ Soos verder bespreek in 4.1 en 4.2 hieronder.

⁴² Sien artikel 54 van die Wet en die eerste deel van die definisie van 'n “skenking” in artikel 55 van die Wet.

daar wel sprake is van 'n "vrygewigheidselement"), regverdig dit nog nie die afleiding dat 'n rentevrye lening dus wel 'n skenking is wat onderhewig behoort te wees aan skenkingsbelasting nie. Vir dié doeleindes sal die twee begrippe soos hierbo na verwys eers in diepte ondersoek moet word, ten einde vas te stel of daar wel *oor eiendom* beskik is of *van 'n reg* afstand gedoen is. Hierdie aspekte word vervolgens in die hieropvolgende hoofstuk 4 behandel.

---000---

⁴³ Sien die tweede deel van die definisie van 'n "skenking" in artikel 55 van die Wet.

4 HOOFSTUK 4: 'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD "EIENDOM" IN DIE KONTEKS VAN 'N SKENKING

4.1 Inleiding

Die mees algemene argument wat aangevoer word oor waarom 'n rentevrye lening na alle waarskynlikheid nie 'n skenking kan uitmaak nie, is dat die definisie van 'n skenking, soos vervat in artikel 55 van die Wet, vereis dat daar 'n oormaking "van eiendom" moet plaasvind of 'n "gratis afstanddoening van 'n reg". Daar word dan geargumenteer dat waar die skuldeiser nie 'n reg op rente gehad het voordat die rentevrye lening toegestaan is nie, daar duidelik nooit enige eiendom gehou is deur die skuldeiser wat hy/sy kon oormak nie, alternatiewelik dat hy/sy geen reg gehad het om van afstand te doen nie. Op hierdie basis word daar dan aangevoer dat daar geen skenking aanwesig kan wees by die toestaan van 'n rentevrye lening nie.⁴⁴

In die opsig is die twee alternatiewe wat gestel word, synde die oormaking van eiendom of die afstanddoening van 'n reg, skynbaar nou aan mekaar verbonde, aangesien die skrywers wat die afwesigheid van enige eiendom as rede aanvoer skynbaar aanvaar dat die *reg* soos na verwys in die definisie ook 'n reg in of op eiendom moet wees.⁴⁵ De Koker (2004 : 23.3) bevestig dit ook waar hy, na sy bespreking van die betekenis van "enige reg op eiendom", ook bevestig dat die beginsels net so toepassing vind ten opsigte van die afstanddoening van 'n reg.

As daar aanvaar word dat 'n uitlener van geld geen absolute reg op rente het nie (en dat hy/sy op die uiterste slegs 'n moontlike *spes* het om met die ontvanger van die lening ooreen te kom dat rente wel betaalbaar sal wees), klink hierdie algemene argument suiwer en maak dit op die oog af sin.⁴⁶ Indien die eerste probleemstelling bloot op grond van hierdie basis opgelos kan word (dit wil sê indien daar aanvaar word dat 'n rentevrye lening nie onderhewig is

⁴⁴ Sien byvoorbeeld Williams en Louw (2001: 718) , Owens (LAWSA Vol 8(1) op 308 en Stein, 2004 *Estate Duty: Principles and Planning* op 53.

⁴⁵ Van Dorsten (1985: 203) aanvaar byvoorbeeld dat waar die belastingpligtige wat 'n rentevrye lening toestaan nie enige reg gehad het om rente te verhaal op die leningskapitaal nie, hy/sy ook nie enige "eiendom" kan hê nie en daar derhalwe ook geen skenking soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet kan wees nie.

aan skenkingsbelasting nie, bloot omdat die skuldeiser vooraf, dit wil sê voordat hy/sy besluit om nie rente te hef nie, in elk geval nie 'n reg op enige rente gehad het nie), ontstaan die volgende vraag: Impliseer dit dus dat waar 'n persoon wel 'n reg verkry, en eers daarna afstand doen van sodanige reg, daar in so 'n geval altyd 'n skenking aanwesig sal wees?

Indien dié vraag bevestigend beantwoord word, verg Cameron, De Wall, Wunsh, Solomon en Kahn (2002: 462) se verwysing na die SAID se praktyk om byvoorbeeld nie 'n erfgenaam se afstanddoening van sy erfposisie as 'n skenking te beskou nie, verdere oorweging.

Daar word dus aan die hand gedoen dat die betekenis van “eiendom”, soos deur ons howe neergelê in die konteks van skenkings, eers nadere ondersoek verg ten einde sekerheid te verkry of 'n skuldeiser inderdaad oor geen eiendom beskik by die toestaan van 'n rentevrye lening nie, voordat daar bloot op hierdie basis onomwonde verklaar kan word dat die toestaan van 'n rentevrye lening nie skenkingsbelastingimplikasies kan inhou vir die skuldeiser nie.

4.2 Gemeenregtelike en statutêre betekenis

“Eiendom” kan in die algemeen vir gemeenregtelike doeleindes gedefinieer word as die reg op eienaarskap in 'n regsvoorwerp. Hierdie definisie is baie wyd en impliseer dus die bestaan van regte (en verpligtinge) tussen regspersone.⁴⁷ By nadere ondersoek blyk dit dat eiendom vir gemeenregtelike doeleindes enige *reg* of 'n *voorwerp* is met 'n geldelike waarde.⁴⁸

Badenhorst, Pienaar *et al.*, (2001: 31 en 32) gaan voort en tref 'n verdere onderskeid tussen hierdie verskillende regte en voorwerpe. Aan die kant van regte onderskei hulle tussen 'n saaklike reg op 'n voorwerp, 'n persoonlike reg op prestasie (*dare, facere* of *non facere*), 'n reg op onstoflike sake en sekere statutêre regte. Aan die kant van voorwerpe onderskei hulle tussen sake (“things”), onstoflike eiendom, prestasies (“performances”, sien die regte hierbo)

⁴⁶ Sien 3.4 hierbo en spesifiek die gesag soos na verwys in voetnota 40.

⁴⁷ Badenhorst, Pienaar, Mostert en Van Rooyen, *Silberberg & Schoeman's The Law of Property*, op 1. Sien ook *Administrator, Natal, and Another v Sibiyi and Another* 1992 (4) SA 532 (A) op 539 ter bevestiging daarvan dat eiendom (“property”) in die algemeen wys op 'n voorwerp wat die onderwerp is van eienaarskap.

⁴⁸ Sien Silberberg & Schoeman's *The Law of Property supra* in 3.1 op bladsy 31 en ook Van der Merwe, C.G. Things. *The Law of South Africa*. Volume 27 in 195.

en sekere ander saaklike regte wat die voorwerp is van beperkte saaklike regte.⁴⁹

Vir soverre dit skenkingsbelasting aangaan, word die begrip “eiendom”, soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet, as volg omskryf:

“enige reg op eiendom, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, en waar ook al geleë.”

Die vraag wat derhalwe ontstaan is wat presies die Wetgewer bedoel met die begrip “’n reg op eiendom”. Daar word aan die hand gedoen dat die gemenerereg, soos hierbo na verwys, ook ’n oorwegende faktor sal wees by die vasstelling van die betekenis van die begrip “enige reg op eiendom”. Appèlregter Trollip maak die volgende stelling ter verduideliking van die algemene oogmerk wat belasting op geskenke ten grondslag lê:

“[i]t appears that the tax is to be exigible in respect of some concrete right in or to property that is gratuitously disposed of...” (eie beklemtoning).⁵⁰

Dit blyk uit hierdie stelling reeds dat skenkingsbelasting slegs verband hou met konkrete regte op eiendom en nie bloot met ’n moontlike abstrakte of voorwaardelike reg of ’n spes ten opsigte waarvan daar onsekerheid bestaan of dit inderdaad in die begunstigde sal vestig, al dan nie. Soos reeds voorheen aangetoon, het ’n skuldeiser wat ’n lening toestaan geen onvoorwaardelike reg op rente voordat dit nie beding is met die skuldenaar nie. In die afwesigheid van enige sodanige regte behoort daar dus nie enige eiendom te bestaan wat in ’n skenking oorgemaak kan word aan ’n ander regspersoon nie. As die gemeenregtelike en statutêre betekenis van “eiendom” soos hierbo na verwys met mekaar vergelyk word, wil dit voorkom of “eiendom”, soos gedefinieer in artikel 55, oënskynlik selfs nog ’n enger begrip is as die gemeenregtelike betekenis van “eiendom”, wat die argument onder bespreking mag versterk. Voordat hierdie afleiding egter finaal gemaak kan word, moet hierdie stelling eers getoets word aan die betekenis van die woord “eiendom” soos deur die Suid-Afrikaanse howe neergelê.

⁴⁹ Badenhorst, Pienaar, *et al.*, *Silberberg & Schoeman’s The Law of Property*, op 31 en 32.

⁵⁰ *ITC 1192 35 SATC 213* op 216 – 217.

Daar is reeds aangetoon dat die spesifieke bepalings van artikel 7(3) van die Wet nie die onderwerp van hierdie bespreking vorm nie. Daar word egter aan die hand gedoen dat die beginsels onderliggend aan artikel 7(3) van die Wet, soos neergelê deur ons howe, nuwe vrae laat ontstaan rondom die betekenis van die woord “eiendom” in die konteks van artikel 54 en 55 van die Wet, en derhalwe wel verdere oorweging verg voordat daar met sekerheid gesê kan word dat die toestaan van ’n rentevrye lening geen skenkingsbelastinggevolge kan inhou vir die betrokke partye nie.

4.3 Artikel 7(3)

Die Appèlhof se uitspraak in *CIR v Berold*⁵¹ word algemeen aanvaar as die bevestiging van die beginsel dat die toestaan van ’n rentevrye lening, in die konteks van die huidige artikel 7(3) van die Wet, as ’n voortgesette skenking beskou word (The Taxpayer 1962: 172). Die redakteur gaan selfs verder en voer aan dat die *Berold* - beslissing die afleiding regverdig: “...that an interest free loan can amount to a donation to the extent of the interest at current or legal rates of interest...”.⁵²

Die belastingbetaler in die betrokke saak het bates verkoop aan ’n maatskappy en geen rente op die balans van die koopprys gehef nie. Die Appèlhof bevind dat die versuim om rente te hef neerkom op ’n sogenaamde “*continuous donation*”.⁵³ Die hof bevind verder op die feite dat die rentevrye lening die oorsaak was vir die toevalling van die daaropvolgende inkomste (dividende) vir die begunstigdes, en dus onderhewig is aan die bepalings van die huidige artikel 7(3) van die Wet (toe nog artikel 9(3)).

Die beslissing in *CIR v Berold* is wel gemaak in die konteks van die huidige artikel 7(3) van die Wet en nie in die konteks van skenkingsbelasting in die algemeen, en dan spesifiek die beginsels onderliggend aan artikel 54 en 55 van die Wet, nie. Daar kan dus moontlik aangevoer word dat die beslissing bloot gegaan het oor die aanwesigheid al dan nie van al die elemente soos na verwys in artikel 7(3) van die Wet. In die konteks van artikel 7(3) van die Wet word die oormaking van enige “eiendom” glad nie vereis nie, wat wel pertinent by artikel

⁵¹ 24 SATC 279.

⁵² Sien ook De Koker (2004: 17.3.5) se bevestiging hiervan asook die bevestiging van die beginsel in *Joss v SIR* 41 SATC 206 op 216 en ook *COT v Paice* 25 SATC 385 op 396.

54 van die Wet, soos geles saam met artikel 55 van die Wet, vereis word.⁵⁴ Williams en Louw (2001: 719) en ook Van Dorsten (1985: 205) versoen dus bloot die opmerkings in die *Berold* – beslissing met die statutêre betekenis van 'n skenking soos vervat in artikel 54 op hierdie basis.

So 'n argument kan op die oog af verduidelik waarom 'n rentevrye lening wat in die konteks van artikel 7(3) van die Wet as 'n "skenking, oormaking of *ander beskikking*" beskou word nie noodwendig ook 'n "skenking" vir doeleindes van artikel 54 van die Wet sal uitmaak nie. Verdere bevestiging vir hierdie argument kan ook gevind word in die beslissing van *Joss v SIR*, waar die hof bevind dat 'n rentevrye lening vir die aankoopprys van aandele 'n "ander beskikking" is, soos beoog in artikel 7(3) van die Wet, en derhalwe onderhewig is aan skenkingsbelasting.⁵⁵ Weereens kan die beslissing dus op die oog af onderskei word van die statutêre definisie van 'n skenking, in die lig daarvan dat die term "ander beskikking" eie is slegs aan artikel 7 van die Wet en nêrens in artikel 54 en 55 van die Wet ter sprake kom nie.

4.4 Die Ovenstone - beslissing

Ongeveer agtien jaar na die *Berold* – beslissing soos hierbo na verwys, het die Appèlhof egter weer die bepalings van artikel 7(3) oorweeg in *Ovenstone v SIR*.⁵⁶ Die belastingbetaler in die betrokke saak het 'n lening aan sy kinders gemaak om hulle in staat te stel om aandele in 'n maatskappy op te neem as deel van 'n breër skema om boedelbelasting te vermy. Die geld is egter aan sy kinders voorgeskiet teen dieselfde koers as waarteen die bank, wat die geld in die eerste instansie aan die belastingbetaler geleen het, rente gehef het.⁵⁷ Hierdie koers was egter na die hof se mening oormatig gunstig vir die kinders, gegewe die belastingbetaler se status by sy bank.⁵⁸

Die Ontvanger van Inkomste het die belastingbetaler aangeslaan op dividende wat deur die kinders vanaf die betrokke maatskappy ontvang is nadat die rente wat deur hulle betaal is, afgetrek is. Die belastingbetaler het egter aangevoer dat artikel 7(3) van die Wet nie toepassing kan vind nie, aangesien daar geen

⁵³ Sien *CIR v Berold supra* op 735 en 736.

⁵⁴ Ter bevestiging van hierdie interpretasie van *CIR v Berold* sien o.a. die opmerkings van Williams en Louw (2001: 719).

⁵⁵ *Joss v SIR* 41 SATC 206 op 216.

⁵⁶ 42 SATC 55.

⁵⁷ *Ovenstone v SIR supra* op 70.

⁵⁸ *Ovenstone v SIR supra* op 77, waar die hof die voordeel van die laer rentekoers beskryf as "unduly favourable".

“skenking, oormaking of ander beskikking” aan die kinders was wat die dividendopbrengs tot gevolg gehad het nie.

Die Appèlhof bevestig opnuut die beginsels soos neergelê in die *Berold*- en *Joss* sake soos hierbo na verwys. Die hof bevestig onder andere dat die woorde “ander beskikking” *eiusdem generis* met skenking en oormaking geïnterpreteer moet word, dit wil sê dat dit dieselfde betekenis as skenking en oormaking het en dat die artikel dus eintlik gelees moet word as “skenking, oormaking of ander soortgelyke beskikking.”⁵⁹

Op die feite word daar bevind dat die toestaan van die lening inderdaad ‘n “ander beskikking” is wat ten minste gedeeltelik ‘n element van vrygewigheid openbaar.⁶⁰ Soos reeds voorheen aan die hand gedoen, word die beskikkingsbegrip, in die konteks van artikel 54 van die Wet, gelees saam met die definisie van ‘n skenking in artikel 55 van die Wet, beperk insoverre as wat die beskikkingshandeling net die oormaking van eiendom of die afstanddoening van ‘n reg kan uitmaak.⁶¹ Soos Van Dorsten (1985 : 205) heeltemal tereg aanvoer, is die *Ovenstone* – beslissing (en ook die *Joss* – beslissing) gemaak in die konteks van artikel 7(3) en *nie* in die konteks van Deel V van Hoofstuk II van die Wet nie.

Skrywer is dit eens met Van Dorsten dat daar dus nie op hierdie basis alleen aangevoer kan word dat ‘n rentevrye lening ‘n skenking is, en derhalwe onderhewig is aan skenkingsbelasting nie, aangesien die beginsels soos neergelê in hierdie sake nie noodwendig relevant is in die konteks van skenkingsbelasting, soos gehef in terme van Deel V van Hoofstuk II van die Wet nie.

By nadere ondersoek blyk dit egter na skrywer se mening of daar tog sekere dele van Appèlregter Trollip se uitspraak in die *Ovenstone* - beslissing is wat wel oorweeg moet word, ook in die konteks van skenkingsbelasting, en wat die spreekwoordelike stok in die wiel kan steek vir diegene wat steeds volhou dat daar nooit enige eiendom gehou kan word deur die skuldeiser wat ‘n rentevrye lening (of op die feite in die *Ovenstone* – beslissing ‘n lening teen ‘n oordrewe

⁵⁹ *Ovenstone v SIR supra* op 73.

⁶⁰ *Ovenstone v SIR supra* op 77 en 78.

⁶¹ Sien 4.2 hierbo.

gunstige rentekoers)⁶² toestaan nie, alternatiewelik dat so 'n skuldeiser geen reg gehou het waarvan hy kon afstand doen, in die maak van 'n so 'n lening nie.

Appélregter Trollip maak naamlik die volgende belangrike opmerking by die oorweging van die betekenis van die begrippe “skenking, oormaking of ander beskikking”:

“...the words ‘donation, settlement or other disposition’ all have this feature in common: they each connote the disposal of property to another otherwise than for due consideration...”⁶³ (eie beklemtoning).

Uit die aangehaalde gedeelte blyk dit dus of Appélregter Trollip van mening is dat 'n “skenking”, soos na verwys in artikel 7(3) van die Wet (ook) die beskikking oor eiendom as 'n vereiste stel, net soos 'n “oormaking” en 'n “ander beskikking”.

Selfs wanneer hy verder gaan en die onderskeid tussen 'n “skenking en oormaking” aan die een kant en 'n “ander beskikking” aan die ander kant verduidelik, bly dit duidelik dat die oordra van eiendom na sy mening steeds 'n wesenlike vereiste bly (ook) in die konteks van artikel 7(3) van die Wet. Sien spesifiek in die verband sy opmerkings op 74 in die *Ovenstone* beslissing waar hy pertinent bevestig dat by 'n skenking of oormaking *eiendom* gratis oorgemaak word terwyl daar by 'n “ander beskikking” 'n algehele of gedeeltelike gratis oormaking *van eiendom* plaasvind.

Op die feite bevind die Appèlhof dat onder andere die gunstige aard van die rentekoers, en 'n gebrek aan getuienis tot die teendeel, die afleiding regverdig dat daar 'n groot mate van vrygewigheid aanwesig was by die toestaan van die lenings deur die belastingbetaler aan sy kinders en dat dit dus binne die omvang van artikel 7(3) van die Wet val,⁶⁴ wat na skrywer se mening net kan beteken dat daar volgens die Appèlhof wel een of ander *eiendom* geskenk is, of oorgemaak is of oor beskik is, in die toestaan van die betrokke lening.

⁶² Sien voetnota 58 hierbo.

⁶³ *Ovenstone v SIR supra* op 74.

⁶⁴ *Ovenstone v SIR supra* op 77.

Die vraag wat dus onwillekeurig opkom is in hoe 'n mate die argument dat die *Berold* – en *Ovenstone* beslissings nie op artikel 54 van die Wet van toepassing is nie, nou nog geregverdig kan word. So 'n argumente is juis daarop gebaseer dat die oormaking van “eiendom”, soos vereis in artikel 54 van die Wet, die onderskeidende faktor is tussen artikel 7(3) en 54 van die Wet.

Ons Appèlhof het egter, soos hierbo vermeld, onomwonde in die *Ovenstone* – beslissing bevestig dat die oormaking van *eiendom* ook 'n element is beide in die konteks van enige “skenking of oormaking” en ook in die konteks van 'n “ander beskikking”, soos na verwys in artikel 7(3) van die Wet. In die meer onlangse Appèlhofbeslissing van *C:SARS v Woulidge* word daar met goedkeuring na die *Ovenstone* - saak verwys, alhoewel die hof nie so ver gaan om die oormaking *van eiendom as sulks* pertinent as vereiste te herhaal soos die hof in die *Ovenstone* - saak bereid was om te doen nie.⁶⁵

Die definisie van “eiendom” soos vervat in artikel 55 van die Wet geld slegs vir doeleindes van Deel V van Hoofstuk II van die Wet, wat artikel 54 van die Wet insluit. Vir doeleindes van artikel 7(3) van die Wet, wat nie binne Deel V van Hoofstuk II van die Wet val nie, sal daar dus op die gemeenregtelike betekenis van “eiendom” teruggeval moet word. Daar word egter aan die hand gedoen dat daar ook vir gemeenregtelike doeleindes, soos vir doeleindes van artikel 54 van die Wet, ten minste die oormaking van 'n spesifieke “reg” vereis word, wat reeds bestaan voor die datum van oormaking.⁶⁶

Derhalwe, vir solank as wat daar geen “regte” tussen regspersone bestaan nie, kan daar argumenteerbaar ook geen “reg” deur een regspersoon aan 'n ander geskenk word nie. Hierdie afleiding bots egter met die effek van die *Berold*- en spesifiek die *Ovenstone* – beslissings soos hierbo na verwys, spesifiek die oënskynlike insluiting van die “eiendom” konsep ook in die konteks van artikel 7(3) van die Wet.

Alles in ag genome word daar aan die hand gedoen dat hierdie “problematiese” opmerkings rondom die begrip “eiendom” in die *Ovenstone* – beslissing nie die deurslaggewende faktor behoort te wees by die oorweging van die eerste probleemstelling nie, en wel om die volgende redes:

- In die eerste plek is hierdie opmerkings waarskynlik bloot *obiter* opmerkings, in soverre as wat daar op die feite net oorweging geskenk is aan artikel 7(3) van die Wet in die *Ovenstone* – saak.
- Voorts is die verwysings na “skenking” en “eiendom” in die *Ovenstone* - saak ook bloot verwysings na die gemeenregtelike betekenis van ’n “skenking” en van “eiendom”, sonder dat die hof spesifiek die betekenis daarvan in die konteks van Deel V van Hoofstuk II van die Wet oorweeg het.⁶⁷
- Derdens, soos ook voorheen aangetoon, kan daar verskille bestaan tussen die gemeenregtelike en statutêre betekenis van onderskeidelik ’n skenking en eiendom. Daar is selfs voorheen aan die hand gedoen dat die gemeenregtelike betekenis van ’n skenking oënskynlik wyer strek as die betekenis daarvan soos neergelê in artikel 55 van die Wet.⁶⁸

Hierdie drie aspekte mag dus tot ’n mate van tevredenheid die nodige verduidelikings verskaf vir die oënskynlike problematiese uitsprake in veral die *Ovenstone* – beslissing. Daar word egter aan die hand gedoen dat hierdie moontlike verduidelikings oor waarom die opmerkings in die *Ovenstone* – beslissing nie vernietigend kan wees vir die beroep op die afwesigheid van enige *eiendom* met die toestaan van ’n rentevrye lening as argument teen die heffing van skenkingsbelasting op rentevrye lenings nie (hetsy ingevolge artikel 54 of 58 van die Wet) nie voldoende rede is om dit bloot heeltemal te ignoreer nie. Verallyn die konteks van artikel 58 van die Wet, waar die definisie van ’n “skenking” soos vervat in artikel 55 van die Wet geen rol speel nie,⁶⁹ skep die opmerkings van Appèlregter Trollip soos hierbo na verwys potensieël selfs ’n groter probleem.

Soos voorheen aangetoon,⁷⁰ is dit boonop nie die enigste moontlike probleem met die beroep op die argument dat geen eiendom gratis oorgaan op die

⁶⁵ *C:SARS v Woulidge* 63 SATC 483 op 488.

⁶⁶ Sien die gemeenregtelike definisie van “eiendom” soos na verwys in 4.2 hierbo.

⁶⁷ Hierdie eerste twee redes word oënskynlik ook deur Van Dorsten (1985: 205) aangevoer, nie net as rede waarom die opmerkings in die *Ovenstone* – saak beperk moet word tot die spesifieke feit nie, maar ook as rede waarom die soortgelyke opmerkings in die *Joss*- en *Berold* sake ook net beperk moet word tot die feite van die betrokke sake.

⁶⁸ Sien 3.3 hierbo.

⁶⁹ Sien *Welch’s Estate v C:SARS supra* op 315: “It follows that the definition of ‘donation’ in s55(1) plays no role in interpreting or giving effect to the provision in s58.”

⁷⁰ Sien 2.4 hierbo.

skuldenaar by die maak van 'n rentevrye lening nie, alternatiewelik dat geen reg gratis van afstand gedoen word nie.

4.5 Regsaard van 'n rentevrye lening

Schnetler (1984: 78) toon heeltemal terg aan dat artikel 56(1)(m) verder aanduidend kan wees daarvan dat die gratis gebruik van eiendom, en dan in die konteks van 'n rentevrye lening dus ook die gratis gebruik van geld, wel deur die Wetgewer as 'n skenking beskou word.⁷¹ Hierdie aspek verlang dus ook verdere oorweging.

Die gemenerereg maak voorsiening vir twee tipes lenings, synde 'n lening vir gebruik (*commodatum* oftewel bruikleen) en 'n lening vir verbruik (*mutuum* oftewel 'n verbruikleen). In die geval van 'n bruikleen word 'n saak aan 'n persoon geleen en laasgenoemde is verplig om dieselfde saak aan die persoon wat die lening toegestaan het, terug te besorg. In die geval van 'n verbruikleen word een of meer eenhede van 'n stoflike saak geleen, maar die ontvanger daarvan kan daardie eenhede gebruik en hy/sy is net verplig om dieselfde hoeveelheid eenhede (met of sonder rente, afhangende van die ooreenkoms) terug te besorg.⁷²

'n Lening van geld word geklasifiseer onder die tweede klas, synde 'n bruikleen.⁷³ 'n Belangrike *essentialia* van 'n bruikleen om in gedagte te hou in die huidige konteks, is die feit dat die persoon wat die lening toestaan sy reg en titel in die geld oordra aan die ontvanger van die leningskapitaal.⁷⁴ Eiendomsreg in die leningskapitaal gaan dus oor na die skuldenaar.

In die opsig is daar dus reeds 'n duidelik onderskeid te tref tussen die "reg op die gebruik van geld", soos deur Schnetler (1984 : 78) na verwys en die reg op die gratis gebruik van eiendom vir boerderydoeleindes, soos na verwys in artikel 56(1)(m) van die Wet. In eersgenoemde geval gaan die eiendomsreg van die geld oor na die skuldenaar. In laasgenoemde geval bly die eiendomsreg van die plaas byvoorbeeld by die oorspronklike eienaar, terwyl net die reg op die gebruik daarvan oorgaan op die skuldenaar. Laasgenoemde is dus na skrywer

⁷¹ Sien 2.4 hierbo vir 'n meer volledige verwysing na Schnetler se argumente in die verband.

⁷² Joubert, D.J. Loan. *The Law of South Africa*. Volume 15. First Re-issue in 252.

⁷³ Soos ook bevestig deur Joubert, D.J. Loan *supra* in 268 en veral 269.

⁷⁴ Joubert, D.J. Loan *supra* in 272.

se mening 'n tipiese verskyningsvorm van bruikleen, in teenstelling met 'n rentevrye lening wat 'n verskyningsvorm van verbruikleen is.

In *Cactus Investments (Pty) Ltd v CIR* oorweeg HR Watermeyer die appellant se beroep op die ooreenstemmende kenmerke tussen 'n verbruikleen aan die een kant en 'n huurkontrak aan die ander kant. Hy kom tot die gevolgtrekking dat op die feite van die saak, hierdie analogie nie toepaslik is nie. Die basis waarop hy 'n onderskeid tref tussen 'n verbruiklening aan die een kant en 'n huurkontrak aan die ander kant, is vervat in die volgende opmerking:

“Rent can obviously be regarded as compensation to the lessor for the use of his property and the lessor can (depending on the terms of the agreement) rightly be said to have continuing obligations apart from making the subject of the lease available to the lessee. But, bearing in mind again that we are dealing with loans for consumption which brought about that each borrower became the owner of the money received, the interest cannot be compensation to Cactus for the use of Cactus’s money.”⁷⁵ (eie beklemtoning).

Dit blyk dus uit die regsraad van 'n verbruiklening asook uit die aanhaling van Hoofregter Watermeyer hierbo dat daar altyd in gedagte gehou moet word dat die eienaarskap van die eiendom wat oorgedra word ingevolge 'n verbruikleen *oorgaan* op die ontvanger daarvan. Toegepas in die konteks van 'n rentevrye lening, word daar dus aan die hand gedoen dat eiendomsreg in die geld self altyd *oorgaan* op die skuldenaar.

Die definisie van 'n skenking in artikel 55 van die Wet vereis die gratis afstanddoening van 'n reg. Op die oog af mag dit steeds lyk of Schnetler (1984: 78) korrek is met sy beroep daarop dat dit inderdaad die reg op die gebruik van die geld is waarvan die belastingpligtige wat die lening toestaan, afstand gedoen het. As die bogenoemde unieke kenmerke van 'n verbruiklening egter in gedagte gehou word, word dit na skrywer se mening duidelik dat die skuldenaar nie *die skuldeiser* se die reg op die gebruik van die geld ontvang nie. Na die aangaan van die lening gaan eiendomsreg van die geld as sulks oor op die skuldenaar. Enige reg op die gebruik van die geld wat hy/sy daarna mag

⁷⁵ *Cactus Investments (Pty) Ltd v CIR* 61 SATC 43 op 47.

verkry of uitoefen is sy/haar reg op die gebruik van sy/haar *eie* geld en kan nie meer die skuldeiser se reg op die gebruik van die geld wat as leningskapitaal oorbetaal is, wees nie.

Hierdie fyn onderskeid, gebaseer op die regs aard van 'n geldlening, kom na skrywer se mening nog duideliker na vore in 'n 2005 beslissing van die Spesiale Belastinghof van Johannesburg. In hierdie saak, *ITC 1791*,⁷⁶ het die belastingbetalers die reg op gratis okkupasie van aftreebehuising aan sekere persone toegestaan, in ruil vir die toestaan van 'n rentevrye lening aan die belastingbetalers. Die Ontvanger van Inkomste het onder andere aangevoer dat die *reg op die gebruik van die rentevrye lening* belasbaar is in die hande van die belastingbetalers in terme van die definisie van "bruto inkomste" in artikel 1 van die Wet.

Alhoewel hierdie saak spesifiek gehandel het met die vraag of so 'n reg "n bedrag" kan uitmaak, vir doeleindes van die definisie van bruto inkomste, word daar aangevoer dat die beginsel wat deur die regter toegepas is by die oorweging van hierdie kwessie ook relevant is by die oorweging van die eerste probleemstelling. Regter Goldblatt toon naamlik aan dat die regte wat die belastingbetalers verkry het *nie* regte is wat kan oorgedra word of gesedeer word nie. Al reg wat die belastingbetalers verkry het, is die reg op die *besit* van die geld wat ingevolge die rentevrye lening aan hulle oorgedra is. Die blote besit van eiendom kan dalk geleentheid skep om weer verdere inkomste te verdien, maar gesien in isolasie het hierdie reg geen waarde hoegenaamd nie.⁷⁷

4.6 Gevolgtrekking

Daar word dus aangevoer dat die beroep op die argument dat die gratis gebruik van geld wel deur die Wetgewer as 'n skenking beskou word, in die lig van die bepaling van artikel 56(1)(m) van die Wet, gebaseer is op 'n verkeerde vertolking van die beginsels onderliggend aan die regs aard van 'n rentevrye lening. Ondanks die feit dat hierdie potensiële argument ten gunste van die heffing van skenkingsbelasting dus na skrywer se mening uit die weg geruim is,

⁷⁶ 67 SATC 230.

⁷⁷ *ITC 1791* 67 SATC 230 op 234 en 235. Sien ook PricewaterhouseCoopers. 2005. *Synopsis* op 9, waar daar selfs so ver gegaan word om aan te voer dat die enigste "reg" wat deur die skuldenaar verkry word, die "reg" is om die ooreengekome rentevrye lening te ontvang. Wat die

bring dit nie 'n einde aan die problematiese uitsprake van die Appèlhof in die *Berold* -, maar veral die *Ovenstone* – beslissings nie. Appèlregter Trollip het naamlik pertinent in die *Ovenstone* beslissing bevestig dat, *net soos by 'n skenking of oormaking, eiendom* ook geheel of gedeeltelik gratis oorgemaak word by 'n “ander beskikking”. Op grond van hierdie beginsel, bevind hy dan op die feite van die saak dat onder andere die gunstige aard van die rentekoers die lening binne die omvang van artikel 7(3) van die Wet bring.

Hierdie opmerkings is wel gemaak in die konteks van artikel 7(3) van die Wet en nie in die konteks van Deel V van Hoofstuk II van die Wet nie. Voorts is dit wel so dat die verwysings na “skenking” en “eiendom” in die *Ovenstone* - saak ook bloot verwysings na die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking en van eiendom is. Daar word egter nogtans aangevoer dat hierdie redes alleen nie voldoende is om sonder meer te aanvaar dat die toestaan van rentevrye lenings geen skenkingsbelastingimplikasies vir die betrokke partye inhou nie.

Indien 'n hof in die toekoms uitsluitel sou moes gee oor die skenkingsbelastingimplikasies van rentevrye lenings, spesifiek in die konteks van Deel V van Hoofstuk II van die Wet (en spesifiek ook vir doeleindes van artikel 58 van die wet) kan so 'n hof steeds oorweging skenk aan die opmerkings van die Appèlhof in die *Ovenstone* – beslissing. Daar word dus aangevoer dat alle ander moontlike aspekte wat moontlik aanduidend kan wees van die gratis oorgang van eiendom of die gratis afstanddoening van 'n reg by die maak van 'n rentevrye lening, in die konteks van die eerste probleemstelling, ook eers verder oorweeg moet word.

In die hieropvolgende hoofstuk sal daar dus in die laaste instansie ondersoek ingestel word na die potensiële omvang van die skenkingsbelasting wat betaalbaar sal wees op rentevrye lenings, asook die SAID se hantering daarvan in die praktyk, insoverre as wat dit moontlik verder aanduidend kan wees van die maak van 'n afleiding teen (of vir) die heffing van skenkingsbelasting op rentevrye lenings.

---000---

skuldenaar ook al daarna met die leningskapitaal doen, is nie sy “reg” nie, maar bloot 'n “vryheid” wat hy/sy het.

5 HOOFSTUK 5: DIE MOONTLIKE OMVANG VAN SKENKINGSBELASTING OP 'N RENTEVRYE LENING EN DIE SAID SE HANTERING DAARVAN – AS VERDERE MOONTLIKE ARGUMENTE VIR / TEEN DIE HEFFING VAN SKENKINGSBELASTING OP RENTEVRYE LENINGS

5.1 Omvang van skenkingsbelasting

'n Moontlike alternatiewe argument ter bevestiging daarvan dat 'n rentevrye lening nie 'n skenking kan uitmaak nie, kan gebaseer word op die onsekerheid wat sal ontstaan rondom die bepaling van die bedrag van so 'n skenking. Ter staving van so 'n argument kan daar moontlik aangevoer word dat daar geen objektiewe maatstaf in die Wet neergelê is op grond waarvan die Ontvanger van Inkomste 'n sekere rentekoers kan vasstel en dit dan op die betrokke rentevrye lening kan toepas nie, ten einde 'n bedrag "rente" vas te stel wat onderhewig is aan skenkingsbelasting teen die voorgeskrewe koers.

Alhoewel daar aan die hand gedoen word dat hierdie onsekerheid heeltemal tereg nie 'n bevredigende posisie is nie, word daar verder aan die hand gedoen dat die blote feit dat dit moeilik is vir die Ontvanger van Inkomste om die bedrag van 'n skenking te bepaal, nie voldoende rede is om bloot te aanvaar dat daar juis daarom nie 'n skenking aanwesig is nie. Sien in die verband byvoorbeeld die volgende opmerking van Appélregter Marais in die onlangse *Welch* – beslissing, gemaak in die konteks van artikel 58 van die Wet:

“The short point is this: However difficult the assessment may have been, it may have been open to the Commissioner to invoice s58 in order to recover donations tax on such part of the sum... for which, in his opinion, no adequate consideration was given.”⁷⁸

Daar gaan nie gepoog word om in hierdie studie 'n finale antwoord te verskaf op die vraag na wat die korrekte basis is op grond waarvan skenkingsbelasting bereken moet word op rentevrye lenings nie (indien dit wel betaalbaar sou wees nie). Soos reeds hierbo aangetoon, word die potensiele omvang van

⁷⁸ Sien *Welch's Estate v CIR* supra op 318.

skenkingsbelasting op 'n rentevrye lening bloot oorweeg ten einde te ondersoek of dit enige verdere lig kan werp op die substantiewe vraag, synde of skenkingsbelasting in die eerste instansie betaalbaar is op rentevrye lenings.

Daar word aan die hand gedoen dat daar steeds meer as een moontlike maatstaf is op grond waarvan die bedrag onderhewig aan skenkingsbelasting bereken sou kon word. Een so 'n maatstaf sal byvoorbeeld wees om die markverwante rente wat deur die ontvanger van die lening betaal sou word, indien hy die geld by 'n finansiële instelling sou gaan leen, te gebruik met inagneming van sy spesifieke omstandighede. Toegepas in die konteks van die eerste probleemstelling, sal die maatstaf wat byvoorbeeld in so 'n geval gebruik kan word, argumenteerbaar die rentekoers wees waarteen *die skuldenaar* die leningskapitaal in die mark kon gaan leen.

Dié maatstaf is analoog aan een van die drie opsies wat deur O'Dougherty (1996: 100 – 101) voorgestel word as die maatstaf op grond waarvan die inkomste voortspruitend uit die toestaan van 'n rentevrye lening of 'n lae-rente lening wat binne die bestek van artikel 7(5) van die Wet val, bereken moet word. Hy gaan verder en voer ook aan dat die welwillendheidselement in die konteks van artikel 7(5) van die Wet gevind kan word in die versuim om 'n markverwante rentekoers te hef, en hy voer aan dat die inkomste vir doeleindes van artikel 7(5) van die Wet dus beperk behoort te word tot die denkbeeldige rente bereken op die uitstaande balans van die lening.⁷⁹

Steeds in die konteks van artikel 7(5) van die Wet verwys O'Dougherty (1996: 101) ook na Clegg (1993: 64) se voorstel dat die toepaslike koers in dié verband die betrokke oortrekkingskoers wat op die betrokke belastingbetaler van toepassing sal wees, moet wees, wat na skrywer se mening ooreenstemming toon met die eerste maatstaf soos hierbo as 'n moontlikheid genoem, synde die rentekoers waarteen die skuldenaar die geld kon gaan leen. Daar word voorts aan die hand gedoen dat Appèlregter Trollip se opmerkings in die *Ovenstone* – beslissing, ondanks die feit dat dit gemaak is in die konteks

⁷⁹ O' Dougherty, *Measuring the income subject to s7(5) – Possible apportionment methods* op 102.

van artikel 7(3) van die Wet, as gesag gebruik kan word ter staving van 'n beroep op hierdie maatstaf.⁸⁰

Selfs indien hierdie maatstaf nie die korrekte een blyk te wees nie, staan dit die SAID natuurlik nog altyd vry om op enige stadium wel 'n maatstaf neer te lê vir die berekening van skenkingsbelasting in die konteks van rentevrye lenings en dit bloot as 'n wetswysiging deur te voer. Die Kommissaris het reeds gedurende die finalisering van die KWB wetgewing voorgestel dat 'n spesifieke bepaling in die Wet ingevoeg moet word in terme waarvan 'n persoon wat 'n rentevrye lening *aan 'n trust* toestaan, onderhewig sal wees aan skenkingsbelasting op die waarde van die rentevrye lening. Daar is op daardie stadium voorgestel dat die waarde van so 'n skenking bereken moet word deur die amptelike rentekoers as maatstaf te gebruik, en dit met 'n verdere 3% te verhoog. Alhoewel die wetgewing nie op daardie stadium deurgevoer is nie, het die Kommissaris aangetoon dat dié wetgewing steeds op hulle agenda is.⁸¹

Daar word dus aan die hand gedoen dat selfs indien daar tans onsekerheid bestaan rondom die bepaling van die bedrag van so 'n skenking, sodanige onsekerheid in elk geval met gemak uit die weg geruim kan word. Hierdie aspek opsigself kan derhalwe na skrywer se mening geen rol speel in die oorweging van die tweede probleemstelling nie.

5.2 SAID se hantering daarvan in die praktyk

Soos reeds voorheen aangetoon, is dit *skynbaar* die Ontvanger van Inkomste se algemene praktyk om nie skenkingsbelasting op rentevrye lenings te hef nie.⁸²

De Koker (2004: 23.3) beroep hom spesifiek op die Ontvanger van Inkomste se algemene praktyk in die verband ter staving van sy stelling dat rentevrye lenings nie onderhewig is aan skenkingsbelasting in terme van artikel 54 van die Wet nie.⁸³ Schnetler (1984: 45) bevestig dat hy in 'n persoonlike onderhoud met senior amptenare van die Direkoraat van Binnelandse Inkomste

⁸⁰ Sien *Ovenstone v SIR supra* op 77, waar Appèlregter Trollip o.a. bevestig dat die maatstaf nie byvoorbeeld die koers moet wees wat die "skenker" (d.w.s. die skuldeiser in die konteks van 'n rentevrye lening) sou betaal het nie, maar eerder die rente waarteen die persoon wat die lening ontvang het (dit wil sê die skuldenaar), die geld in die mark sou moes gaan leen het.

⁸¹ SAICA. 2003. *Integritax* onder die hofie: "Disposal of assets to a trust on loan account".

⁸² Sien 1.3 hierbo.

bevestiging ontvang het dat 'n rentevrye lening nie 'n skenking is in die konteks van artikel 54 van die Wet nie, omdat daar nie 'n oorgang van eiendom is nie. Skrywer is ook nie bewus van enige regspraak of enige geval in die praktyk waar die Ontvanger van Inkomste inderdaad wel skenkingsbelasting gehef het in terme van artikel 54 van die Wet, voortspruitend uit die toestaan van 'n rentevrye lening nie.

Daar word egter aan die hand gedoen dat dit opsigself steeds nie genoegsame rede is om bloot te aanvaar dat rentevrye lenings derhalwe nie onderhewig behoort te wees aan skenkingsbelasting nie. Verder het skrywer hiervan ten tyde van die voorbereiding van hierdie studie weer skriftelik in verbinding getree met 'n senior beampte by die Ontvanger van Inkomste. Interessant genoeg was die reaksie op die eenvoudige vraag of dit steeds die Ontvanger van Inkomste se praktyk is om nie skenkingsbelasting te hef ingevolge artikel 54 van die Wet op rentevrye lenings nie, *nie* bloot 'n bevestigende ja nie. Die betrokke beampte het ook aangetoon dat die Ontvanger van Inkomste tot op hede wel nie skenkingsbelasting gehef het op rentevrye lenings nie, maar het verder aangetoon dat die vraag nie eenvoudig bevestigend beantwoord kan word nie en het, met verwysing na die *Berold-* en *Woulidge-* beslissings, daarop gesinspeel dat (ten minste) in die konteks van belastingvermydingskemas die moontlikheid nooit uitgesluit is nie.

5.3 Gevolgtrekking

Daar word dus aan die hand gedoen dat ondanks die feit dat daar nie enige uitdruklike maatstawwe in die Wet neergelê word op grond waarvan skenkingsbelasting gehef kan word op rentevrye lenings nie, daar tog ruimte bestaan vir sulke maatstawwe. Een maatstaf wat in die verband geïdentifiseer is, is om byvoorbeeld die rentekoers waarteen die skuldenaar die geld kon gaan leen in die mark, te gebruik ten einde 'n waarde te plaas op die skenking wat gemaak is aan so 'n skuldenaar.

Voorts word daar aangevoer dat dit wel skynbaar steeds die Ontvanger van Inkomste se praktyk is om nie skenkingsbelasting op rentevrye lenings te hef nie, maar dit opsigself is nie voldoende rede om die afleiding te regverdig dat skenkingsbelasting derhalwe nie betaalbaar is in die verband nie. Daar word verder aan die hand gedoen dat daar, in die lig van 'n onlangse navraag wat in

⁸³ Davis, Beneke en Jooste (2004: 13.6) bevestig ook hierdie praktyk.

die verband gerig is aan 'n senior beampte by die Ontvanger van Inkomste, moontlik selfs 'n verandering in hierdie praktyk mag intree, wat dit nog belangriker maak dat daar sekerheid verkry word oor hierdie aspek.

In die opsig word daar dus aan die hand gedoen dat geen van hierdie twee aspekte, synde die (moontlike) gebrek aan 'n objektiewe maatstaf om skenkingsbelasting in die verband te bereken en die Ontvanger van Inkomste se praktyk, enige definitiewe sekerheid kan gee op die maak van 'n afleiding teen (of vir) die heffing van skenkingsbelasting op rentevrye lenings nie, wat skrywer hiervan dus steeds laat met die onseker posisie soos uitgelig aan die einde van hoofstuk 4.

Alhoewel daar dus wel 'n sterk argument uitgemaak kan word teen die heffing van skenkingsbelasting in die konteks van rentevrye lenings, gegewe die bewoording in Deel V van Hoofstuk II van die Wet, kan daar na skrywer se mening steeds nie onomwonde en met 'n oormaat van sekerheid verklaar word dat 'n rentevrye lening nie onderhewig is aan skenkingsbelasting nie, veral gegewe die opmerkings in die *Ovenstone* – beslissing. Dit is dus na skrywer hiervan se mening in die hande van die Hoogste Hof van Appèl om die onsekerheid rondom die betrokke opmerkings in veral die *Ovenstone* – beslissing uit te klaar, ten einde finaal sekerheid oor hierdie aspek te gee.

---000---

6 HOOFSTUK 6: RENTEVRYE LENINGS EN KAPITAALWINSBELASTING ("DIE TWEDE PROBLEEMSTELLING")

6.1 Inleiding

KWB is ingestel as deel van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel, met effek van 1 Oktober 2001.⁸⁴ Ingevolge artikel 26A van die Wet word die *belasbare kapitaalwins* van 'n belastingbetaler vir 'n jaar van aanslag, soos vasgestel kragtens die Agste Bylae tot die Wet, ingesluit by 'n belastingbetaler se belasbare inkomste vir die betrokke jaar van aanslag. 'n Belastingbetaler se *belasbare kapitaalwins* word, ter opsomming, as volg bereken:

- Stap 1: Bereken, per individuele bate, die *kapitaalwins*⁸⁵ en die *kapitaalverlies*⁸⁶ wat voortspruit uit die beskikking van bates deur die belastingbetaler gedurende die betrokke jaar van aanslag;
- Stap 2: Bereken die belastingbetaler se *totale kapitaalwins*⁸⁷ of *totale kapitaalverlies*⁸⁸ vir die betrokke jaar en trek enige vorige jare se *vasgestelde kapitaalverliese*⁸⁹ daarvan af ten einde sy/haar *netto kapitaalwins*⁹⁰ vas te stel;
- Stap 3: Vermenigvuldig sodanige *netto kapitaalwins* met die toepaslike insluitingskoers soos na verwys in paragraaf 10 van die Agste Bylae tot die Wet, ten einde die *belasbare kapitaalwins* vas te stel.

Daar word vir huidige doeleindes net gefokus word op die eerste stap soos hierbo na verwys, naamlik om die vraag te ondersoek tot watter mate die toestaan van rentevrye lenings 'n rol kan speel by die bepaling van 'n belastingbetaler se kapitaalwins of kapitaalverlies.

⁸⁴ Sien artikel 26A van die Wet, ingevoeg ingevolge Wet No. 5 van 2001, en paragraaf 2, gelees saam met die definisie van "waardasiedatum" in paragraaf 1 van die Agste Bylae tot die Wet, wat voorsiening maak vir die effektiewe datum van 1 Oktober 2001, onderhewig aan uitsonderings wat nie relevant is vir huidige doeleindes nie.

⁸⁵ Paragraaf 3 van die Agste Bylae tot die Wet.

⁸⁶ Paragraaf 4 van die Agste Bylae tot die Wet.

⁸⁷ Paragraaf 6 van die Agste Bylae tot die Wet.

⁸⁸ Paragraaf 7 van die Agste Bylae tot die Wet.

⁸⁹ Paragraaf 9 van die Agste Bylae tot die Wet.

⁹⁰ Paragraaf 8 van die Agste Bylae tot die Wet.

'n Kapitaalwinst of kapitaalverlies soos na verwys in stap 1 hierbo is die verskil tussen die **opbrengs** en die **basiskoste** van 'n **bate** waaroor deur die belastingbetaler **beskik** word.⁹¹ Dit spreek dus vanself dat daar geen kapitaalwinstbelastingimplikasies kan ontstaan in gevalle waar daar geen **beskikking** oor 'n **bate** is nie. Daar word dus aan die hand gedoen dat hierdie vier konsepte, synde opbrengs, basiskoste, bate en beskikking die vier hoekstene vorm van die Suid-Afrikaanse kapitaalwinstbelastingstelsel. Die beginsels onderliggend aan hierdie vier hoekstene sal dus deurlopend hieronder ondersoek word, in die ooreenstemming van die tweede probleemstelling.

In die hieropvolgende onder-afdelings (sien spesiek 6.2 en 6.3 hieronder) word daar eerstens kortliks ooreenstemming geskenk aan die algemene kapitaalwinstbelastingbeginsels relevant tot rentevrye lenings, as 'n inleiding tot die bespreking van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet. Daar word aan die hand gedoen dat rentevrye lenings ook steeds tuisgebring kan word onder die meer algemene beskrywing van 'n lenings as sulks, waarvan die toestaan van krediet een verskyningsvorm is. In gevalle waar lenings toegestaan word of krediet verskaf word, kan daar, afhangende van die optrede van die betrokke partye, verskillende kapitaalwinstbelastinggevolge intree. Indien die persoon wat die lening (en derhalwe ook 'n rentevrye lening) toegestaan het, byvoorbeeld sou besluit om die lening af te skryf, kan paragraaf 12(5) van die Agste Bylae tot die Wet tot gevolg hê dat die skuldenaar geag word 'n kapitaalwinst te realiseer.

Die doel met hierdie studie is egter nie om al hierdie verskillende permutasies te ondersoek ten einde 'n omvattende analise te verskaf van alle moontlike kapitaalwinstbelastinggevolge wat kan ontstaan uit die toestaan van lenings (en dus by implikasie ook rentevrye lenings) en die daarmee gepaardgaande gedrag van die betrokke partye nie. So 'n analise sou noodwendig vereis dat die kapitaalwinstbelastinggevolge van lenings in die algemeen ondersoek moes word. Die fokus van hierdie studie is egter eerder die moontlike wyses waarop *die toestaan* van rentevrye lenings *as sulks* aanleiding kan gee tot kapitaalwinstbelastinggevolge vir die betrokke partye, met 'n spesifieke fokus op

⁹¹ Sien paragraaf 3 en 4 van die Agste Bylae tot die Wet, gelees saam met die definisie van 'n bate in paragraaf 1 asook paragrawe 11, 20, en 35 van die Agste Bylae tot die Wet.

die bepalings van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet in 6.4 tot 6.6 hieronder.

6.2 Kapitaalwinsbelasting voorspruitend uit die toestaan van rentevrye lenings in die algemeen

'n Bate word gedefinieer in paragraaf 1 van die Agste Bylae tot die Wet en sluit in:

- (a) *eiendom van welke aard ookal, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, uitgesluit enige valuta, maar ingesluit enige munt wat hoofsaaklik van goud of platinum gemaak is; en*
- (b) *'n reg of belang van welke aard ook al tot of in sodanige eiendom; (eie beklemtoning).*

'n Beskikking word gedefinieer in paragraaf 11(1) as:

- “enige gebeurtenis, daad, toewyding of werking van die reg wat die skepping, wysiging, oordrag of vernieting van 'n bate tot gevolg het...”*
(eie beklemtoning).

Dit blyk dus na skrywer se mening reeds uit die beklemtoonde gedeeltes hierbo dat die oordra van die leningskapitaal (as valuta) opsigself deur die skuldeiser nie enige kapitaalwinsbelastingimplikasies tot gevolg sal hê nie, aangesien die skuldeiser nie in dié opsig oor 'n bate beskik nie.⁹²

Die definisie van 'n bate en 'n beskikking soos hierbo na verwys is egter baie wyd, en sluit onder andere ook in die skepping van enige reg op of in eiendom. By die toestaan van 'n rentevrye lening verkry die skuldeiser 'n onmiddellike reg om terugbetaling van die leningsbedrag terug te eis, hetsy op 'n ooreengekome datum in die toekoms al dan nie.⁹³ In dié opsig gee die toestaan van rentevrye lenings (soos enige lening) derhalwe steeds aanleiding tot die beskikking oor 'n bate.

⁹² Sien verder ook paragraaf 11(2)(d), wat in elk geval bepaal dat enige leen van geld of verkryging van krediet nie 'n beskikking oor 'n bate uitmaak nie.

⁹³ Sien ook die *KWB Gids*, op bladsy 505 in paragraaf 24.4.

Die Ontvanger van Inkomste se verduideliking vir die berekening van die basiskoste van die bate wat ingevolge die toestaan van 'n geldlening oor beskik word, is na skrywer se mening korrek, synde die werklike bedrag kapitaal wat deur die skuldeiser oorbetaal word aan die skuldenaar in terme van die rentevrye lening.⁹⁴

In die gevalle waar die lening uiteindelik weer terugbetaal word aan die skuldeiser, sal die bedrag wat terugbetaal word na skrywer se mening die opbrengs verteenwoordig.⁹⁵ In gevalle waar die volle lening dus terugbetaal word, behoort 'n rentevrye geldlening nie aanleiding te gee tot die realisering van enige kapitaalwinst of kapitaalverlies nie. Soos reeds voorheen vermeld,⁹⁶ word daar nie ingegaan op al die moontlike permutasies wat kan ontstaan, afhange van die skuldeiser en die skuldenaar se gedrag na die toestaan van die lening nie.

6.3 Toerekening van kapitaalwinste en rentevrye lenings

Paragrafe 68 tot 73 van die Agste Bylae tot die Wet (“die toerekeningsparagrafe”) bevat sekere spesiale reëls, soortgelyk aan die bepalinge van artikel 7(3) tot 7(6) van die Wet in die konteks van inkomstebelasting soos voorheen na verwys, ingevolge waarvan sekere kapitaalwinste geag word kapitaalwinste te wees van 'n ander persoon as die persoon wat werklike 'n kapitaalwinst gerealiseer het nadat hy/sy oor 'n bate beskik het.

Paragrafe 68 tot 73 van die Agste Bylae tot die Wet bevat voorts elkeen 'n verwysing na die term “skenking, oormaking of ander beskikking”, soos ook vervat in byvoorbeeld artikel 7(3) van die Wet. Soos voorheen reeds aangevoer (sien 4.3 hierbo) word die Appèlhof se uitspraak in *CIR v Berold* algemeen aanvaar as die bevestiging van die beginsel dat die toestaan van 'n rentevrye lening, in die konteks van die huidige artikel 7(3) van die Wet, as 'n “voortgesette skenking” beskou word vir solank as wat die leningskapitaal uitstaande is (The Taxpayer 1962: 172).⁹⁷ Paragrafe 68 tot 73 van die Agste Bylae tot die Wet bepaal, ter opsomming, dat sekere kapitaalwinste wat

⁹⁴ Sien die *KWB Gids* op bladsy 505 in paragraaf 24.4.

⁹⁵ Sien paragraaf 35(1)(a) van die Agste Bylae tot die Wet.

⁹⁶ Sien 6.1 hierbo.

ontstaan as gevolg van 'n "skenking, oormaking of ander beskikking", onder sekere omstandighede toegereken kan word aan die persoon wat die "skenking, oormaking of ander beskikking" bewerkstellig het.

Soos reeds aangevoer, is die aankoop van bates op rentevrye lenings 'n eenvoudige meganisme om bates "kosteloos" te finansier. Die toerekeningsparagrafe verlang na skrywer se mening verdere oorweging in die huidige konteks in sodanige gevalle waar die skuldenaar byvoorbeeld 'n bate finansier deur middel van 'n rentevrye (of selfs lae-rente) lening wat deur die skuldeiser aan die skuldenaar toegestaan word.

Voorbeeld

Die volgende voorbeeld word gebruik ten einde die onderliggende beginsels in die verband te illustreer: Gestel 'n minderjarige skuldenaar ("die skuldenaar") verkry onroerende eiendom vanaf sy ouer ("die skuldeiser") en finansier terselfertyd die koopprijs deur middel van 'n rentevrye lening van R100 wat deur sy ouer aan hom toegestaan word. Aanvaar vir doeleindes van die voorbeeld die skuldenaar se basiskoste van die gebou is slegs die aankoopprijs van R100. Gestel verder die skuldenaar beskik op 'n latere stadium oor die onroerende eiendom vir R150. Aanvaar vir doeleindes van die voorbeeld alles gebeur op kapitale rekening. Die skuldenaar realiseer derhalwe op normale beginsels 'n kapitaalwinst van R50.

Indien die kapitaalwinst wat so deur die skuldenaar gerealiseer is, "*toegereken kan word*" aan die "*skenking, oormaking of ander beskikking*",⁹⁸ dit wil sê in die konteks van die voorbeeld argumenteerbaar aan die toestaan van die rentevrye lening, *kan* die kapitaalwinst van R50, *in gegewe omstandighede*⁹⁹ toegereken word aan die skuldeiser in die voorbeeld en nie aan die skuldenaar nie.

Ten einde vas te stel of die kapitaalwinst van R50 in die voorbeeld toegereken kan word aan die toestaan van die aanvanklike rentevrye lening aan die skuldenaar, moet daar dus sekerheid verkry word oor die betekenis van die frase "*toegereken kan word*". Paragraaf 69 van die Agste Bylae tot die Wet as sulks is nog nie deur ons howe geïnterpreteer nie. Daar word aan die hand gedoen dat paragraaf 69 van die Agste Bylae tot die Wet in 'n groot mate

⁹⁷ Sien ook *Ovenstone v SIR* supra en die *KWB Gids* op bladsy 358 in paragraaf 15.2.

⁹⁸ Sien die bewoording van paragraaf 69 van die Agste Bylae tot die Wet.

⁹⁹ Sien verder hieronder vir die spesieke lys van omstandighede.

analoog is aan die bepalings van artikel 7(3) van die Wet. Die toepassingsveld van die twee bepalings verskil bloot in die opsig dat artikel 7(3) van die Wet die *inkomste* in die gegewe omstandighede toereken aan die ouer (die skuldeiser in die voorbeeld) terwyl paragraaf 69 van die Agste Bylae tot die Wet die *kapitaalwins* toereken aan die ouer. Daar word dus aan die hand gedoen dat die regspraak in die konteks van artikel 7(3) van die Wet wel 'n rol kan speel by die oorweging van die betekenis van die frase “*toegereken kan word*”.

Die huidige artikel 7(3) van die Wet ag onder sekere omstandighede inkomste wat deur 'n ouer van 'n minderjarige kind ontvang word “*ten gevolge van 'n skenking, oormaking of ander beskikking*” deur iemand anders gemaak as inkomste van daardie ouer te wees. In *CIR v Widan*¹⁰⁰ het die Appèlhof oorweging geskenk aan die betekenis van die frase “uit hoofde van” (Engels: “*by reason of*”) in die konteks van 'n voorganger soortgelyk in bewoording aan die huidige artikel 7(3). Die hof kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n voldoende *noue* verwantskap moet bestaan tussen die maak van die skenking en die daaropvolgende inkomste in die konteks van artikel 7(3) van die Wet, en bevestig spesifiek dat die inkomste die werklike oorsaak (“*the real efficient cause*”) van die skenking moet wees.¹⁰¹

Alhoewel paragraaf 69 van die Agste Bylae tot die Wet se bewoording nie woordeliks soortgelyk is aan dié van artikel 7(3) van die Wet nie, word daar aan die hand gedoen dat dieselfde beginsels ook behoort te geld in die konteks van paragraaf 69 van die Agste Bylae tot die Wet. In die voorbeeld hierbo sou daar dus moontlik geargumenteer kon word dat die aanvanklike toestaan van die rentevrye lening deur die skuldeiser na alle waarskynlikheid 'n *causa sine qua non* was vir die ontstaan van die latere kapitaalwins in die hande van die skuldenaar. Anders gestel, indien dit nie vir die toestaan van die lening was nie, sou die skuldenaar nie in die eerste instansie die onroerende eiendom verkry het nie, en sou hy/sy dus nooit in die posisie gewees het om oor die onroerende eiendom te beskik nie.

Dit opsigself is egter nie *noodwendig* voldoende rede om te aanvaar dat die kapitaalwins van R50 bloot op grond hiervan toegereken kan word aan die

¹⁰⁰ 19 SATC 341.

¹⁰¹ Sien *CIR v Widan supra* op 350 en 351, met verwysing na *Leyland Shipping Co. Ltd. v Norwich Union Fire Insurance Society Ltd.*, [1918] A.C. 350 op 369.

aanvanklike toestaan van die rentevrye lening (i.e. die “skenking, oormaking of ander beskikking”) nie.¹⁰² Daar word egter aan die hand gedoen, onderhewig daaraan dat die spesifieke omstandighede van elke saak steeds oorweeg moet word, dat in gevalle waar ’n bate gefinansier word deur ’n rentevrye lening, die verwantskap tussen die aanvanklike rentevrye lening en die daaropvolgende kapitaalwins na alle waarskynlikheid tog nou genoeg gaan wees ten einde dit binne die omvang van die toerekeningsbeginsels van paragrawe 68 tot 72 van die Agste Bylae tot die Wet te bring.¹⁰³

Toegepas op die voorbeeld, sal dit dus meebring dat die kapitaalwins van R50 toegereken word aan die skuldeiser (die ouer) en nie die skuldenaar (die minderjarige kind) nie.

Ander omstandighede, soos voorheen net in die algemeen na verwys, waar sodanige kapitaalwinsbelastinggevolge wel in die verband *kan* intree vir die skuldeiser wat die rentevrye lening toestaan (en wat dus in die gegewe omstandighede ’n “skenking, oormaking of ander beskikking” kan maak), sluit in waar die skuldenaar ’n gade,¹⁰⁴ of ’n minderjarige kind¹⁰⁵ is van die skuldeiser, of waar die skuldenaar ’n nie-inwoner is,¹⁰⁶ of waar die toerekening van die kapitaalwins wat ontstaan na aanleiding van die toestaan van die rentevrye lening nie onvoorwaardelik gevestig het in die skuldenaar nie¹⁰⁷ of die vestiging waarvan herroep kan word.¹⁰⁸

6.4 Paragraaf 38 - Inleiding

Paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet laat sekere kapitaalwinsbelastinggevolge intree, met uitsluiting van sekere spesifieke gevalle,¹⁰⁹ waar ’n persoon *oor ’n bate beskik* by wyse van:

¹⁰² Sien byvoorbeeld *CIR v Widan* supra op 349 en 350, waar Hoofregter Centlivres vir doeleindes van die uitspraak aanvaar, met verwysing na *CIR v Kohler* 18 SATC 354, dat die onmiddellike (“proximate”) en nie die verwyderde “remote” oorsaak vasgestel moet word.

¹⁰³ Sien ook die *KWB Gids* op bladsy 358 in paragraaf 15.2, waar die Onvanger van Inkomste dieselfde mening uitspreek.

¹⁰⁴ Sien paragraaf 68 van die Agste Bylae tot die Wet. Die spesifieke vereistes onderliggend aan die toepassing van paragraaf 67 van die Agste Bylae tot die Wet, soos byvoorbeeld die teenvermydingsaspekte, word nie verder bespreek nie.

¹⁰⁵ Sien paragraaf 69 van die Agste Bylae tot die Wet en ook die voorbeeld hierbo.

¹⁰⁶ Sien paragraaf 72 van die Agste Bylae tot die Wet.

¹⁰⁷ Sien paragraaf 70 van die Agste Bylae tot die Wet.

¹⁰⁸ Sien paragraaf 71 van die Agste Bylae tot die Wet.

¹⁰⁹ Sien die uitsluitings gelys in paragraaf 38(2) van die Agste Bylae tot die Wet, wat nie verdere bespreek word nie, asook paragraaf 12(5) en 67 van die Agste Bylae tot die Wet.

- 'n skenking of
- teen vergoeding wat nie in geld meetbaar is nie of
- aan 'n persoon wat 'n verbonde persoon is met betrekking tot die beskikker, en die vergoeding is nie onder uiterste voorwaardes in 'n ope mark bedwing nie.¹¹⁰

Indien paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet toepassing vind, sal die persoon wat oor die bate beskik het, geag word daarvoor te beskik het vir 'n bedrag gelyk aan die markwaarde van die bate soos op die datum van die beskikking, terwyl die persoon wat die bate ontvang het 'n ooreenstemmende basiskoste vir die bate sal verkry.¹¹¹

6.5 Paragraaf 38 - “Skenking”

Nòg paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet, nòg enige ander paragraaf van die Agste Bylae tot die Wet bevat 'n definisie van 'n “skenking” soos hierbo na verwys. Vir doeleindes van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet moet daar dus teruggeval word op die gemeenregtelike betekenis van die woord “skenking”.¹¹² Die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking is reeds volledig ondersoek in 3.1 hierbo. Soos voorts aangevoer in die gevolgtrekking tot hoofstuk 4,¹¹³ het Appèlregter Trollip sekere “problematiese” stellings gemaak in die *Ovenstone* beslissing, juis met verwysing na die gemeenregtelike betekenis van 'n skenking, wat daarop kan dui dat 'n rentevrye lening inderdaad ook 'n skenking kan uitmaak vir gemeenregtelike doeleindes.

Daar word dus aan die hand gedoen dat dit reeds met die eerste oogopslag duidelik word dat hierdie problematiese aspek weer sy verskyning maak, ook in die konteks van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet. In die konteks van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet is dit argumenteerbaar net die speelveld wat effens aangepas word. Waar daar by die gemenerereg ondersoek

¹¹⁰ Sien paragraaf 38(1) van die Agste Bylae tot die Wet.

¹¹¹ Sien paragraaf 38(1(a) en (b) van die Agste Bylae tot die Wet.

¹¹² Die definisie van 'n “skenking” soos vervat in artikel 55 van die Wet is net van toepassing op Deel V van die Wet– sien artikel 55(1) van die Wet. Sien ook die *KWB Gids* op bladsy 124 in paragraaf 8.2.4.

¹¹³ Sien 4.6 hierbo.

ingestel is na die betekenis van die woorde “beskikking” en “eiendom”,¹¹⁴ val die fokus in paragraaf 38 op “beskikking” soos gedefinieer in paragraaf 11 van die Agste Bylae tot die Wet en op “bate” soos gedefinieer in paragraaf 1 van die Agste Bylae tot die Wet.¹¹⁵

Swart (2005: 3) voer aan dat die definisie van ’n “bate” in paragraaf 1 van die Agste Bylae tot die Wet afgelei is van die definisie van “eiendom” soos vervat in artikel 55 van die Wet. Die betekenis van die terme “beskikking” en “bate” in die konteks van die Agste Bylae tot die Wet is reeds in 6.2 hierbo na verwys. Daar is ook reeds aangetoon in watter opsig daar wel ’n beskikking oor ’n bate sal wees by die toestaan van ’n rentevrye lening, wat normaalweg geen kapitaalwinstbelastingimplikasies inhou nie.¹¹⁶ Vir huidige doeleindes, in die konteks van ’n skenking, is daar egter ’n ander fokuspunt, naamlik of daar nie moontlik oor ’n verdere bate beskik word reeds by die *toestaan* van die rentevrye lening nie, wat die transaksie binne die omvang van paragraaf 38 gaan bring. Indien daar in sulke omstandighede vir gemeenregtelike doeleindes wel ’n skenking gemaak word, sal daar ook ’n “beskikking” plaasvind.¹¹⁷ Daar word aan die hand gedoen dat die vraag wat in die opsig dus verdere oorweging verlang weereens is of die “reg op die gebruik van die geld” of enige ander soortgelyke reg wat verband hou met die verkryging van die geld, wat in effek “gratis” deur die skuldeiser aan die skuldenaar oorgemaak word, wel ’n “bate” kan uitmaak vir doeleindes van die Agste Bylae tot die Wet nie.

Soos ook reeds voorheen bevestig, is die definisie van ’n “bate” soos neergelê in die Agste Bylae tot die Wet baie wyd.¹¹⁸ Die Spesiale Belastinghof van Johannesburg het wel in die 2005 beslissing soos voorheen na verwys (ITC 1791)¹¹⁹ aangetoon dat die skuldenaar se reg om die geld te hou, soos verkry onder die renterye lening, (l.w. nie die reg om dit te gebruik nie) nie ’n reg is wat kan oorgedra word of gesedeer word nie.¹²⁰ Onder andere op grond van hierdie

¹¹⁴ Sien hoofstuk 3 hierbo, spesifiek 3.1.

¹¹⁵ Sien paragraaf 38(1): “...waar ’n persoon oor ’n *bate beskik* het by wyse van ’n skenking...” (eie beklemtoning).

¹¹⁶ Sien weereens 6.2 hierbo.

¹¹⁷ Sien paragraaf 11(a): “...’n beskikking...sluit in – die...skenking...*van ’n bate*...” (eie beklemtoning).

¹¹⁸ Sien o.a. Geach, W.D. *Capital Gains Tax in South Africa The Essential Guide* op bladsy 21.

¹¹⁹ Sien hoofstuk 4 hierbo, in die konteks van die oorweging van die betekenis van “eiendom” soos gedefinieer in artikel 55.

¹²⁰ 67 SATC 230 op 234 en 235.

stelling, en ondanks die skynbaar teenstrydige opmerkings van Appèlregter Trollip in die *Ovenstone* - beslissing, is daar in hoofstuk 4 tot die gevolgtrekking gekom dat die reg op die gebruik van geld argumenteerbaar nie “eiendom” sal uitmaak nie, soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet.

In die konteks van die Agste Bylae is die beslissing in *ITC 1791* egter na skrywer se mening nie voldoende om die afleiding te regverdig dat hierdie reg juis net op grond hiervan ook nie ’n “bate” kan uitmaak vir doeleindes van die Agste Bylae nie. Inteendeel, na skrywer se mening bevestig die beslissing in effek ten eerstens dat die skuldenaar wel ten minste ’n tipe reg verkry het.¹²¹ Swart (2005: 16) is voorts van mening dat die erkenning van regte en verpligtinge, as bates, *nié* net beperk is tot regte en verpligtinge waaroor die houer daarvan ’n reg het om oor te beskik nie, maar hy gaan wel verder en toon aan dat die graad van oordraagbaarheid wel ’n invloed kan hê op die waarde van sodanige reg.

Die volgende vraag wat derhalwe ontstaan, is wat presies hierdie reg wat deur die skuldenaar verkry is, behels en of dit inderdaad ’n “bate” uitmaak. Die beginsels onderliggend aan die betekenis van “eiendom”, soos bespreek in hoofstuk 4 hierbo, is na skrywer se mening weereens relevant in dié konteks. Ondanks die wye betekenis van ’n bate in die konteks van die Agste Bylae tot die Wet, lê die antwoord na skrywer se mening weereens opgesluit in die regspraak van ’n lening as sulks, synde die feit dat dit ’n “verbruiklening” is. Dit blyk uit die *Cactus* – beslissing soos voorheen na verwys¹²² dat daar altyd in gedagte gehou moet word dat die eienaarskap van die eiendom wat oorgedra word ingevolge ’n verbruikleen *oorgaan* op die ontvanger daarvan.

Toegepas in die konteks van ’n rentevrye lening word daar dus aan die hand gedoen dat eiendomsreg in die geld self steeds oorgaan op die skuldenaar. Die skuldenaar verkry dus nie die reg *op die gebruik* van die geld *van die skuldeiser* nie. Na die aangaan van die lening gaan eiendomsreg van die geld as sulks oor op die skuldenaar. Enige reg op die gebruik van die geld wat hy/sy daarna mag verkry of uitoefen is sy/haar eie reg op die gebruik van sy/haar *eie* geld en kan nie meer die skuldeiser se reg op die gebruik van sy/haar geld wees nie.

¹²¹ Sien *ITC 1791* supra op 234: “The only right which the appellants *obtained* was the right to *retain the money lent...*” (eie beklemtoning).

¹²² Sien 4.5 hierbo.

As hierdie fyn onderskeid in gedagte gehou word, word die onderskeid wat die hof tref in *ITC 1791* weereens duideliker – synde die onderskeid tussen die blote reg om die geld, soos ontvang vanaf die skuldeiser, te hou (“to retain”) as die skuldenaar se eie eiendom tot tyd en wyl ’n soortgelyke bedrag terugbetaal moet word, in vergelyking met die voordeel wat die skuldenaar kan verkry uit sy/haar besit van die geld, byvoorbeeld indien die skuldenaar sou besluit om dit aan te wend om verdere inkomste te verdien.

Na skrywer se mening verskaf hierdie onderskeid die antwoord op die ondersoek na die vraag oor of die toestaan van ’n rentevrye lening wel ’n skenking kan uitmaak vir doeleindes van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet. Indien die skuldenaar inderdaad die reg op die gebruik *van die skuldeiser* se geld sou verkry, sou die skuldeiser argumenteerbaar oor ’n bate beskik het.¹²³

In die lig van die spesifieke regsraad van ’n lening, en spesifiek dan in die huidige konteks ’n rentevrye lening, is die enigste reg wat egter deur die skuldenaar verkry word die reg om geld, wat in elk geval sy eie eiendom geword het, vir ’n sekere periode te behou. Hierdie reg kan na skrywer se mening nooit ’n bate *van die skuldeiser* uitmaak nie, wat dus na skrywer se mening die afleiding regverdig dat die toestaan van ’n rentevrye lening argumenteerbaar nie ’n skenking sal uitmaak vir doeleindes van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet nie. Hierdie afleiding word egter weereens gemaak onderhewig aan die voorbehoude rondom die “problematiese” uitsprake van Appèlregter Trollip in die *Ovenstone* –beslissing, soos na verwys in 4.6 hierbo.

6.6 Paragraaf 38 - “Vergoeding wat nie in geld meetbaar is”

Daar is reeds by verskeie vorige geleenthede in hierdie studie oorsigtelik verwys na die 2005 beslissing van die Spesiale Belastinghof van Johannesburg in die saak *ITC 1791*. Die feite van hierdie saak word egter nogmaals ten slotte oorweeg, maar nou spesifiek in die konteks van kapitaalwinsbelasting, ten einde dit te toets aan die beginsels onderliggend aan paragraaf 38 van die Agste

¹²³ Sien o.a. Swarts (2005: 7 – 8) en die *KWB Gids* op bladsy 499 in paragraaf 24.1 ter bevestiging daarvan dat die rente-inkomste die reg om die leningskapitaal te gebruik, verteenwoordig.

Bylae tot die Wet, ondanks die feit dat dit nie spesifiek ter sprake gekom het in die beslissing nie.

Daar word aan die hand gedoen dat die beginsels soos neergelê in *ITC 1791* ook in 'n meer algemene verband relevant mag wees, ondanks die feit dat die spesifieke saak gehandel het net oor die definisie van bruto inkomste soos vervat in artikel 1 van die Wet, in die konteks van sogenaamde “lewensregte” in aftreebehuisingskemas.¹²⁴

Soos voorheen vermeld, het die belastingbetalers in die betrokke saak (vir doeleindes van dié onderafdeling 6.6 na verwys as “die skuldenaars”) die reg op gratis okkupasie van aftreebehuising, waarvan hulle die eienaars was, aan sekere persone (vir doeleindes van die onderafdeling 6.6 na verwys as “die skuldeisers”) toegestaan, in ruil vir die toestaan van 'n rentevrye lening deur die skuldeisers. Die Ontvanger van Inkomste het onder andere aangevoer dat die *reg op die gebruik van die rentevrye lening* belasbaar is in die hande van die skuldenaars in terme van die definisie van bruto inkomste in artikel 1. Soos voorheen vermeld, bevind die hof egter dat die skuldenaars net die reg op die *besit* van die geld, wat ingevolge die rentevrye lening aan hulle oorgedra is, verkry het. Die blote besit van eiendom kan volgens die hof wel dalk in geleenthede omgeskep word om weer verdere inkomste te verdien, maar gesien in isolasie het hierdie reg geen waarde hoegenaamd nie, en die Ontvanger van Inkomste se appèl misluk.¹²⁵

Die vraag wat nou ten slotte ondersoek sal word, is of die ontvangs van die rentevrye lening, in ruil vir die verlening van gratis okkupasie, enige kapitaalwinsbelastingimplikasies *vir die skuldenaars* kan inhou, met die fokus op die bepalings van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet. Die skuldenaars in die betrokke saak het deur die verlening van die reg op gratis okkupasie aan die skuldeisers in effek afstand gedoen van hulle eie reg op okkupasie.

¹²⁴ Sien byvoorbeeld ook die volgende opmerking van die redakteur (*The Taxpayer*: 2005: 178) in die bespreking van *ITC 1791*: “*The cases concerned the ‘life rights’ common to many retirement village developments, but the reasoning in the judgment applies to any interest free loan given by an occupier of a property in return for being entitled to occupy the property free of rent.*” (eie beklemtoning).

¹²⁵ *ITC 1791* 67 SATC 230 op 234 en 235.

Bate

In die lig van die wye definisie van 'n bate vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes,¹²⁶ word daar aan die hand gedoen dat die skuldenaars se reg op okkupasie, ondanks die feit dat dit slegs 'n persoonlike reg is wat in terme van die kontrak aan die skuldeisers verleen word, wel 'n bate sal uitmaak vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes.¹²⁷

Beskikking

Die volgende vraag wat derhalwe ontstaan is of die verlening van die reg op okkupasie wel 'n "beskikking" sal uitmaak deur die skuldenaars vir doeleindes van die Agste Bylae tot die Wet.

Daar kan moontlik geargumenteer word, in die lig van die bewoording van paragraaf 11 van die Agste Bylae tot die Wet, dat 'n "beskikking" omvattend daarin gedefinieer is. In terme van hierdie definisie wil dit voorkom of 'n "beskikking" 'n gebeurtenis is wat die (*permanente*) "skepping, wysiging, oordrag of vernietiging van 'n bate tot gevolg het". Anders gestel, tydens 'n beskikking gaan eienaarskap van 'n bate op 'n permanente basis oor en nie bloot op 'n tydelike basis nie.¹²⁸

In die betrokke saak word die relevante regte egter bloot op 'n tydelike basis aan die skuldeisers verleen, aangesien dit tot 'n einde kom by die skuldeisers se afsterwe. Daar is dus geen werklike sprake van enige oordrag van byvoorbeeld eienaarskap nie. Die definisie van 'n beskikking soos hierbo na verwys is egter baie wyd, en sluit onder andere ook in die *skepping* van enige reg op of in eiendom. By die aangaan van die betrokke ooreenkoms het die skuldeisers inderdaad die reg verkry om vir hulle oorblywende lewensduur die betrokke aftreebehuising te bewoon. Daar word dus aan die hand gedoen dat daar in die opsig tog 'n "beskikking" plaasgevind het deur die skuldenaars.¹²⁹

¹²⁶ Sien 6.2 hierbo.

¹²⁷ Sien paragraaf (b) van die definisie van 'n "bate" in paragraaf 1 van die Agste Bylae tot die Wet wat 'n "reg of belang van welke aard ookal tot of in sodanige eiendom" insluit. Williams (2005: 28) bevestig ook dat hierdie paragraaf (b) waarskynlik dui op persoonlike regte en bevestig dat die Ontvanger van Inkomste op rekord is dat persoonlike regte wel as bates erken word vir doeleindes van die Agste Bylae tot die Wet.

¹²⁸ Sien in die algemeen die bewoording van paragraaf 11 van die Agste Bylae tot die Wet.

¹²⁹ Sien ook die KWB Gids, op bladsy 505 in paragraaf 24.4.

Opbrengs

Indien daar dus aanvaar word dat die skuldenaars wel oor 'n bate beskik het, is die volgende vraag, vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes, wat die opbrengs daarvan was. Die skuldenaars se teenprestasie in ruil vir die verlening van die reg op okkupasie was die verkryging van die rentevrye lenings vir die lewensduur van die skuldeisers. Die vraag wat derhalwe ontstaan is of, en indien wel tot welke mate, die reg op die gebruik van hierdie rentevrye lening 'n opbrengs kan wees, vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes, vir die skuldenaars.

Paragraaf 35 van die Agste Bylae tot die Wet definieer 'n "opbrengs" van die beskikking oor 'n bate as

“die bedrag ontvang deur of toegeval aan, of wat geag word ontvang te gewees het deur of toe te geval het aan of ten gunste van, daardie persoon ten opsigte van daardie beskikking, en sluit in...”

Daar word aan die hand gedoen dat daar dus ooglopende ooreenkomste bestaan tussen die definisie van "opbrengs" soos hierbo na verwys en die definisie van "bruto inkomste" soos vervat in artikel 1 van die Wet. Daar word in die lig hiervan verder aan die hand gedoen dat die blote ontvangs van die rentevrye lening as sulks ook nie 'n opbrengs vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes kan uitmaak nie, op die basis dat dit soos by "bruto inkomste" nie 'n ontvangste of 'n toevalling uitmaak nie.¹³⁰

Die verdere vraag wat egter ontstaan is of daar nie steeds 'n ander "bedrag" aan die skuldenaar kon toegeval het in die aangaan van die betrokke transaksie met die skuldeiser nie, wat steeds 'n opbrengs vir doeleindes van paragraaf 35 sal uitmaak. Die algemeen aanvaarde betekenis van die woord "bedrag" soos geformuleer in die saak van *W H Lategan v CIR*¹³¹ kan argumenteerbaar net so van toepassing gemaak word op paragraaf 35(1).¹³² Ingevolge die *Lategan* – beslissing moet:

¹³⁰ *CIR v Genn & Co (Pty) Ltd* 20 SATC 113 op 122. Sien ook *ITC 1791 supra* ter bevestiging daarvan dat die verkryging van 'n rentevrye lening as sulks nie die ontstaan van 'n belasbare voordeel onder die bruto inkomste definisie tot gevolg het nie.

¹³¹ 2 SATC 16.

¹³² Sien ook die *KWB Gids* ter bevestiging daarvan dat SARS hierdie toepassing van hierdie betekenis in die konteks van paragraaf 35 van die Agste Bylae tot die Wet onderskryf.

“the word ‘amount’ ... be given a wider meaning, and [it] must include not only money but the value of every form of property earned by the taxpayer, whether corporeal or incorporeal, which has a money value”¹³³ (eie beklemtoning).

Daar word aan die hand gedoen dat die blote verkrying van die rentevrye lening as sulks argumenteerbaar dus *nie* 'n “bedrag” uitmaak nie, in die lig van hierdie betekenis van die woord “bedrag”. Die blote “besit” van die kapitaal deur die skuldenaar, wat weer terugbetaal moet word, het geen geldwaarde vir die skuldenaar as sulks nie. Dit is eerder wat die skuldenaar met daardie kapitaal gaan doen, gedurende die tydperk wat die skuldenaar dit tot sy/haar beskikking het, wat gaan bepaal of en tot watter mate die skuldenaar wel geld (oftewel dan eiendom) daarmee gaan verdien vir eie rekening. Daar word aan die hand gedoen dat die beslissing in *ITC 1791* hierdie gevolgtrekking bevestig waar die hof die volgende sê, met verwysing na die reg om die geld wat op rentevrye terme geleen is, te behou vir 'n sekere periode:

*“This right has no independent existence separate from the actual liability to repay the monies borrowed and clearly has no money value. What is of value is the possession of the money borrowed. Possession of money cannot in itself earn income as it is merely an income producing tool which may be used by the possessor to earn income but need not be so used.”*¹³⁴ (eie beklemtoning).

Alhoewel daar dus wel moontlik opbrengste kan ontstaan wanneer die rentevrye lening in die toekoms aangewend word deur die skuldenaar, ontstaan daar argumenteerbaar geen werklike opbrengs in die hande van die skuldenaar by die blote toestaan van die rentevrye lening deur die skuldeisers nie.

Dit opsigself is egter nie die einde van die kapitaalwinsbelastingkwessie nie. Die laaste bepaling wat steeds oorweging verlang is paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet, wat in sekere omstandighede steeds 'n geagte opbrengs aan die skuldenaar kan laat toeval, ondanks die feit dat die skuldenaar geen werklike opbrengs ontvang het nie.

¹³³ Sien *W H Lategan v CIR supra* op 19 en ook *CIR v People's Stores (Walvis Bay) (Pty) Ltd* 52 SATC 9 op 19.

¹³⁴ *ITC 1791 supra* op 231 en 232.

Paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet bepaal, onderhewig aan sekere uitsonderings wat nie relevant is vir huidige doeleindes nie,¹³⁵ dat waar 'n persoon oor 'n bate beskik by wyse van:

- 'n skenking of
- teen 'n vergoeding wat nie in geld meetbaar is nie of
- aan 'n verbonde persoon onder sekere omstandighede,

ontstaan daar 'n geagte opbrengs vir die persoon wat oor die bate beskik het gelyk aan die markwaarde van die bate wat oor beskik is soos op die datum van beskikking.¹³⁶ Die persoon wat die bate verkry, verkry 'n ooreenstemmende basiskoste vir toekomstige doeleindes.¹³⁷

As daar vir huidige doeleindes aanvaar word dat die skuldenaar en die skuldeiser (soos in *ITC 1791* se feite) nie verbonde persone is nie en dat die toestaan van die rentvrye lening nie 'n skenking is nie (soos reeds in 6.5 hierbo aangevoer) is die enigste uitstaande kwessie dus of die rentevrye lening wat deur die skuldenaar ontvang is, "vergoeding is wat nie meetbaar is in geld nie".

Daar word aan die hand gedoen dat dit uiters moeilik is om in die spesifieke omstandighede met sekerheid aan te voer of die teenprestasie wat deur die skuldenaars ontvang is (d.w.s. die rentevrye lening) "meetbaar is in geld". Dit gaan argumenteerbaar moeilik wees om 'n geldwaarde aan so 'n rentevrye lening te koppel, maar die koste verbonde daaraan vir die skuldenaar om die geld in die ope mark te gaan leen (in plaas daarvan om dit vanaf die skuldeisers te verkry) kan argumenteerbaar steeds 'n manier wees om die vergoeding te meet in geldwaarde.

So 'n benadering sal ook ooreenstem met die benadering wat gevolg is deur Appèlregter Trollip in die *Ovenstone* – beslissing in die konteks van skenkingsbelasting.¹³⁸ Die blote feit dat dit moeilik is om 'n geldwaarde te koppel aan die vergoeding behoort na skrywer se mening opsigself nie deurslaggewend te wees in die ondersoek na die vraag of paragraaf 38 van die

¹³⁵ Sien die uitsonderings gelys in paragraaf 38(2) van die Agste Bylae tot die Wet.

¹³⁶ Sien paragraaf 38(1)(a) van die Agste Bylae tot die Wet.

¹³⁷ Sien paragraaf 38(1)(b) van die Agste Bylae tot die Wet.

Agste Bylae tot die Wet moet toepassing vind al dan nie. As hierdie argument aanvaar word, dit wil sê dat daar tog 'n geldwaarde gekoppel kan word aan die rentevrye lening (selfs al maak dit nie 'n "bedrag" uit vir doeleindes van paragraaf 35 van die Agste Bylae tot die Wet nie), sal paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet dus nie toepassing vind nie.

Aan die ander kant kan daar egter ook geargumenteer word dat ten minste by die aangaan van die ooreenkoms tussen die skuldenaars en die skuldeisers kon daar (nog nie) 'n geldwaarde op die besit van die rentevrye lening geplaas word nie. Die werklike waarde daarvan gaan afhang van die wyse waarop dit uiteindelik aangewend word deur die skuldenaars en hierdie inligting is nog nie bekend tydens die aangaan van die ooreenkoms nie. Daar word aan die hand gedoen dat die beslissing in *ITC 1791* groter steun verleen aan hierdie alternatiewe argument, veral waar die hof bevestig dat die reg om die geld, wat op rentevrye terme geleen is, te behou vir 'n sekere periode, geen geldwaarde het nie.¹³⁹

Die Ontvanger van Inkomste se verduideliking in die KWB Gids vir die betekenis van die frase "vergoeding wat nie in geld meetbaar is nie" is baie kort en nie van enige hulp by die oorweging van die huidige kwessie nie. Daar word bloot aangetoon dat die frase skynbaar verwys na iets wat nie in geld omgeskakel kan word nie, byvoorbeeld 'n nie-verhandelbare, nie-oordraagbare vliegtuigkaartjie.¹⁴⁰ In reaksie op 'n skriftelike navraag wat skrywer gerig het aan 'n senior beampte by die Ontvanger van Inkomste, waarin die feite soos in *ITC 1791* aan die beampte uiteengesit is, het die senior beampte aangetoon dat die rentevrye lening wat deur die skuldenaars ontvang is, na sy mening tog vergoeding is wat wel meetbaar is in geld.

In die lig van die beslissing in *ITC 1791* is skrywer hiervan derhalwe geneig om eerder met die tweede alternatief saam te stem, ondanks die mening soos gehuldig deur die senior beampte van die Ontvanger van Inkomste. Daar word dus aangevoer dat paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet wel in die omstandighede van *ITC 1791* toepassing behoort te vind, aangesien die rentevrye lening wel vergoeding behoort uit te maak wat nie (op die stadium van

¹³⁸ *Ovenstone v SIR supra* op 77.

¹³⁹ *ITC 1791 supra* op 231 en 232. Sien ook weereens PricewaterhouseCoopers. 2005. *Synopsis* op 9, waar daar aangevoer word dat hierdie "reg" om die geld te hou (en te gebruik) in effek geen "reg" is nie, maar bloot 'n "vryheid".

¹⁴⁰ Die *KWB Gids* in paragraaf 9.4 op bladsy 239.

die aangaan van die rentevrye lening) in geld meetbaar is nie. In die praktyk behoort die markwaarde van hierdie reg egter, soos aangetoon in *ITC 1791* niks (of feitlik niks) werd te wees nie, wat in effek tot gevolg sal hê dat daar geen negatiewe kapitaalwinsbelastingimplikasies vir die skuldenaars sal intree nie.

6.7 Gevolgtrekking

In gegewe omstandighede kan daar dus wel kapitaalwinsbelastinggevolge intree vir die skuldeiser wat 'n rentevrye lening toestaan (en wat dus in die gegewe omstandighede 'n "skenking, oormaking of ander beskikking" maak). Hierdie omstandighede sluit in waar die skuldenaar 'n gade of 'n minderjarige kind is van die skuldeiser, of waar die skuldenaar 'n nie-inwoner is, of waar die toerekening van die kapitaalwins wat ontstaan na aanleiding van die toestaan van die rentevrye lening nie onvoorwaardelik gevestig het in die skuldenaar nie, of die vestiging waarvan herroep kan word.

Vir doeleindes van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet sal die toestaan van 'n rentevrye lening argumenteerbaar nie 'n "skenking" uitmaak nie, sodat die bepaling van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet nie in die verband enige gevolge kan inhou nie. Hierdie afleiding word egter weereens gemaak onderhewig aan die voorbehoude rondom die "problematiese" uitsprake van Appèlregter Trollip in die *Ovenstone* –beslissing, soos na verwys in 4.6 hierbo.

Daar word egter aan die hand gedoen dat paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet wel in omstandighede waar 'n rentevrye lening toegestaan word deur 'n skuldeiser, as teenprestasie tot die ontvangs van 'n sekere bate van die skuldenaar, toepassing behoort te vind, aangesien die rentevrye lening in daardie omstandighe wel vergoeding kan uitmaak wat nie (op die stadium van die aangaan van die rentevrye lening) in geld meetbaar is nie. In die praktyk behoort die markwaarde van hierdie regte egter, soos ook aangetoon in *ITC 1791* niks (of feitlik niks) werd te wees nie, wat in effek geen negatiewe kapitaalwinsbelastingimplikasies vir die skuldenaars tot gevolg sal hê nie..

---000---

7 HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKING

7.1 Gevolgtrekking – Eerste Probleemstelling

Daar word aan die hand gedoen dat daar ongetwyfeld 'n *vrygewigheidsbedoeling* teenwoordig is waar 'n skuldeiser geld uitleen aan 'n skuldenaar op rentevrye terme. In die konteks van Deel V van Hoofstuk II van die Wet, word daar egter iets meer vereis as bloot die aanwesigheid van so 'n *vrygewigheidsbedoeling*. Daar word naamlik vereis dat hierdie bedoeling 'n spesifieke handeling tot gevolg moet hê, synde die beskikking oor *eiendom* of die afstanddoening van 'n *reg* ooreenkomstig hierdie bedoeling.

As die aard van 'n rentevrye lening, spesifiek dan die feit dat dit 'n verskyningsvorm van 'n verbruiklening is, egter in gedagte gehou word, is daar na skrywer se mening 'n sterk argument daarvoor uit te maak dat 'n skuldeiser nie afstand gedoen het van enige *reg*, of nie oor enige *eiendom* (soos gedefinieer in artikel 55 van die Wet) beskik het, by die toestaan van 'n rentevrye lening aan 'n skuldenaar nie.

Ondanks hierdie argumente, het die Appèlhof ons egter steeds gelaat met sekere problematiese opmerkings, spesifiek in die *Ovenstone* beslissing, tot die effek dat *net soos by 'n skenking* of oormaking, *eiendom* ook geheel of gedeeltelik gratis oorgemaak word by 'n "ander beskikking", waar 'n lening met 'n oormatige gunstige rentekoers (en dus in effek ook 'n rentevrye lening) toegestaan word.

In die lig hiervan is daar ook verdere oorweging geskenk aan die Ontvanger van Inkomste se praktyk in die verband, asook aan die moontlike omvang van skenkingsbelasting in die gegewe omstandighede, in sover as wat dit moontlik verdere lig kon werp op die eerste probleemstelling. Daar word egter aan die hand gedoen dat nie een van hierdie twee aspekte enige uitsluitel verskaf het in 'n poging om finaliteit te verkry op die eerste probleemstelling nie.

Dit is dus na skrywer hiervan se mening in die hande van die Appèlhof om die onsekerheid rondom die opmerkings in die *Ovenstone* – beslissing uit te klaar, ten einde finaal sekerheid oor hierdie aspek te verkry. Tot tyd en wyl dit gedoen word, kan daar na skrywer se mening steeds nie onomwonde en met 'n oormaat

van sekerheid verklaar word dat 'n rentevrye lening nie onderhewig is aan skenkingsbelasting nie.

7.2 Gevolgtrekking – Tweede Probleemstelling

Afhangende van die spesifieke verhouding wat tussen die skuldeiser en die skuldenaar bestaan, kan daar in gegewe omstandighede wel sekere kapitaalwinsbelastinggevolge intree vir 'n skuldeiser wat 'n rentevrye lening toestaan aan 'n skuldenaar. In dié verband sal die kapitaalwinsbelastinggevolge van rentevrye lenings wat in die volgende omstandighede gemaak word, altyd oorweeg moet word by die aangaan van so 'n transaksie:

- waar die skuldenaar 'n gade of 'n minderjarige kind is van die skuldeiser; of
- waar die skuldenaar 'n nie-inwoner is; of
- waar die toerekening van die kapitaalwins wat ontstaan na aanleiding van die toestaan van die rentevrye lening nie onvoorwaardelik gevestig het in die skuldenaar nie of die vestiging waarvan herroep kan word.

Vir doeleindes van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet sal die toestaan van 'n rentevrye lening in die algemeen argumenteerbaar nie 'n "skenking" uitmaak nie, sodat die bepalings van paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die wet nie in die verband enige gevolge behoort in te hou vir die skuldeiser en die skuldenaar nie.

Paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet kan egter steeds in teorie toepassing vind in spesifieke omstandighede waar rentevrye lenings deur 'n skuldeiser toegestaan word, as vergoeding vir 'n bate waaroor 'n skuldenaar beskik het. In die praktyk behoort paragraaf 38 van die Agste Bylae tot die Wet egter weereens weinig of geen impak te hê in sulke omstandighede nie.

7.3 Slot

Soos nou in die gevolgtrekking aangevoer, is daar wel 'n argument uit te maak dat die beginsels soos neergelê in ons regspraak, in die interpretasie van die bepalings van Deel V van Hoofstuk II van die Wet, die standpunt ondersteun dat rentevrye lenings as sulks nie onderhewig behoort te wees aan

skenkingsbelasting in terme van artikel 54 van die Wet nie. Soos egter ook aangetoon, is daar steeds sekere onsekere aspeke (sien byvoorbeeld die problematiese opmerkings in die *Ovenstone* – beslissing) wat meebring dat hierdie standpunt nie onomwonde deur skrywer hiervan onderskryf kan word nie.

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was egter juis om *sekerheid* te verkry oor die skenkingsbelastingimplikasies van rentevrye lenings (indien enige) gemeet aan die vereistes soos neergelê in Deel V van Hoofstuk II van die Wet en aan Suid-Afrikaanse regspraak. Deur tot die slotsom te kom dat dit onseker is wat die finale antwoord op 'n spesifieke vraagstuk is, kan, afhangende van hoe die leser daarna kyk, seker op 'n vreemde wyse ook vertolk word as die verkryging van *sekerheid* oor die posisie (d.w.s. ten minste bestaan daar sekerheid daaroor dat die posisie onseker is).

Skrywer voel egter sterk daaroor dat dit elke belastingpraktisyn se verantwoordelikheid is om sover moontlik steeds standpunt in te neem oor spesifieke kwessies, selfs indien daar 'n mate van onsekerheid bestaan.

In 'n poging om dus tog finaal standpunt in te neem, en by 'n gebrek aan enige ander verdere direkte gesag wat na skrywer se mening enige verdere lig kan werp op die eerste probleemstelling, word hierdie studie afgesluit met 'n beroep op die latynse stelreël *nemo donare praesumitur*.¹⁴¹ Op hierdie basis word daar dus in die finale instansie aangevoer dat daar, gegewe die huidige moontlike onseker posisie, aanvaar kan word dat 'n rentevrye lening in die omstandighede soos hierbo uiteengesit dus *nie* 'n skenking behoort uit te maak vir doeleindes van skenkingsbelasting nie.

---000---

¹⁴¹ Sien ook *Welch Estate v C:SARS supra* op 313, ter bevestiging van hierdie algemene vermoede *teen* skenkings, wat steeds deel vorm van die Suid-Afrikaanse reg.

HOOFSTUK 8: BIBLIOGRAFIE

8.1 Lys van artikels

- 8.1.1 Clegg, D. 1993. Interest-free loan dispositions. *Tax Planning*. 7: 60 – 64.
- 8.1.2 O'Dougherty, K. 1996. Measuring the income subject to s7(5) – Possible apportionment methods. *Tax Planning*. 10: 98 – 101.
- 8.1.3 PricewaterhouseCoopers. 2005. Is a borrower taxable on the “right to use” the borrowed funds? – Rights, liberties and income. *Synopsis*. 8 – 9. Augustus.
- 8.1.4 SAICA. 2003. Integritax. Interest free loans made available to trusts – the fiscal consequences. Oktober. Beskikbaar: http://www.saica.co.za/integritax/1128_Interest_free_loans_made_available_to_trusts_the_fiscal_consequences.htm.
- 8.1.5 Silke, J. 1996. Deemed donations. *Tax Planning*. 10: 88 – 95.
- 8.1.6 Silke, J. 2004. Settlements and donations – The end of the Welsch saga. *Tax Planning*. 18: 156 – 160.
- 8.1.7 Spring, M. 1998. A most effective tax-saving strategy. *Business Times*. Beskikbaar: <http://www.btimes.co.za/98/1004/btmoney/money04.htm>.
- 8.1.8 Swart, G. 2005. Interpreting Some Core Concepts Governing the Taxation of Capital Gains. *SA Mercantile. Law Journal*. 17: 1 – 18.
- 8.1.9 *The Taxpayer*. 1962. Income Tax – Income – Parent donating shares in trust for minor children – shares sold by trusts to another company the shares in which donated by grandparent to trusts – whether parent taxable on dividends from latter company. 171 – 174. September.
- 8.1.10 *The Taxpayer*. 2005. Income tax – Interest free loan in return for life right occupation in retirement village – whether the value of the right of use constitutes gross income. 177 – 180. September.
- 8.1.11 Van Dorsten, J.L. 1985. Interest-free loans and donations tax. *The Taxpayer*. 202 – 208.

8.2 Lys van boeke

- 8.2.1 Badenhorst, P.J., Pienaar, J.M., Mostert, H. & Van Rooyen, M. 2001. *Silberberg and Schoeman's The Law of Property*. Vierde Uitgawe. Durban. LexisNexis Butterworths.
- 8.2.2 Cameron, E., De Waal, M., Wunsh, B., Solomon, P. & Kahn, E. 2002. *Honore's South African Law of Trusts*. Vyfde Uitgawe. Landsdowne: Juta Law.
- 8.2.3 De Villiers, M., Smuts, J., Eksteen, L.C. & Gouws, R.H. 1988. *Nasionale Woordeboek Afrikaanse Woordverklaring*. Sewende Hersiene Uitgawe. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewere Beperk.
- 8.2.4 Geach, W. D. 2001. *Capital Gains Tax in South Africa The Essential Guide*. Eerste Uitgawe. Landsdowne. Juta Law.
- 8.2.5 Huxham, K. & Haupt, P. 2006. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*. 25ste uitgawe. Roggebaai: H & H Publications.
- 8.2.6 Shrand, D. 1971. *Studies in Income Tax*. Tweede Uitgawe. Cape Town: Legal & Financial Publishing Company (Pty) Ltd.
- 8.2.7 Stein, M.L. 2004 *Estate Duty Principles and Planning*. Derde Uitgawe. Durban: LexisNexis Butterworths.
- 8.2.8 Williams, R.C. 1994. *Income Tax in South Africa Law and Practice*. Eerste Uitgawe. Kenwyn: Juta and Co.
- 8.2.9 Williams, R.C. & Louw, C. 2001. *Income Tax and Capital Gains Tax in South Africa Law and Practice*. Derde Uitgawe. Kaapstad: Butterworth Publishers.
- 8.2.10 Williams, R.C. 2005. *Capital Gains Tax: A Practitioner's Manual*. Tweede Uitgawe. Landsdowne: Juta & Co.

8.3 Lys van elektroniese publikasies

- 8.3.1 Clegg, D. & Stretch, R. *Income Tax in South Africa*. Elektroniese Weergawe. Opgedateer Junie 2004. Butterworths.
- 8.3.2 Davis, D.M., Beneke, C. & Jooste, R.D. *Estate Planning*. Elektroniese Weergawe. Opgedateer November 2004. Lexisnexis Butterworths.
- 8.3.3 De Koker, A. 2004. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Opgedateer Junie 2004. Butterworths.
- 8.3.4 Joubert, D.J. Loan. *The Law of South Africa*. Volume 15. First Reissue.
- 8.3.5 Meyer, J. *Claassens Dictionary of Legal Words and Phrases*. Elektroniese Weergawe. Opgedateer Oktober 2003. Butterworths.
- 8.3.6 Meyerowitz, D. *Meyerowitz on Income Tax 2000 – 2001*. Elektroniese Weergawe. Electronic Meyerowitz.
- 8.3.7 Meyerowitz, D. *Meyerowitz on Income Tax 2005 – 2006*. Elektroniese Weergawe. Electronic Meyerowitz.
- 8.3.8 Owens, P.R. Donations. *The Law of South Africa*. Volume 8(1). Tweede Uitgawe.
- 8.3.9 Stretch, R., Silke, J. & Zulman, Justice. *Income Tax Practice Manual*. Elektroniese Weergawe. Opgedateer Mei 2004. Butterworths.
- 8.3.10 Van der Merwe, C.G. Things. *The Law of South Africa*. Volume 27. First Reissue.

8.4 Lys van hofsake

- 8.4.1 *Administrator, Natal, and Another v Sibiya and Another* 1992 (4) SA 532 (A).
- 8.4.2 *Balliol Investment Company v Jacobs* 1946 TDP 269.
- 8.4.3 *Cactus Investments (Pty) Ltd v CIR* [1991] 1 ALL SA 345 (A), 61 SATC 43.
- 8.4.4 *CIR v Berold* 1962 (3) SA 748 (A), 24 SATC 279.
- 8.4.5 *CIR v Genn & Co (Pty) Ltd* 1955 (3) SA 293 (A), 20 SATC 113.

- 8.4.6 *CIR v Kohler* 1953 (3) SA 584 (AD), 18 SATC 354.
- 8.4.7 *CIR v Estate Late Hulett* 1990 (2) SA 786 (A), 52 SATC 109.
- 8.4.8 *CIR v People's Stores (Walvis Bay) (Pty) Ltd* 1990 (2) SA 353 (A), 52 SATC 9.
- 8.4.9 *CIR v Widan* 1955 (1) SA 226 (A), 19 SATC 341.
- 8.4.10 *Coronel's Curator v Estate Coronel* 1941 AD 323.
- 8.4.11 *COT v Paice* 25 SATC 385 1963 (FC).
- 8.4.12 *C:SARS v Woulidge* 63 SATC 483 (SCA).
- 8.4.13 *De Jager v Grunder* 1964 (1) SA 463 AD.
- 8.4.14 *ITC 1192* 35 SATC 213.
- 8.4.15 *ITC 1791* 67 SATC 230.
- 8.4.16 *Joss v SIR* 1980 (1) SA 674 (T), 41 SATC 206.
- 8.4.17 *Leyland Shipping Co. Ltd. v Norwich Union Fire Insurance Society Ltd.*, [1918] A.C. 350.
- 8.4.18 *Ovenstone v SIR* 1980 (2) SA 721 (A), 42 SATC 55.
- 8.4.19 *Rex v Stein* 1947 (4) SA 445 (T).
- 8.4.20 *W H Lategan v CIR* 1926 CPD 203, 2 SATC 16.
- 8.4.21 *Welch's Estate v C:SARS* [2004] 2 All SA 586 (SCA), 66 SATC 303.

8.5 Lys van tesisse en proefskrifte

- 8.5.1 Schnetler, P.R. 1984. *Die belastingimplikasies van twee skemas*. Ongepubliseerde LLM verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.

8.6 Lys van Suid-Afrikaanse Inkomstediens publikasies

- 8.6.1 *Draft Comprehensive Guide to Capital Gains Tax* ("die KWB Gids"), soos gewysig en weer vrygestel op 18 Januarie 2006.

8.7 Toesprake by konferensies gehou

- 8.7.1 Marais, R.M. 2005. *Welch's Estate v C:SARS*. Toespraak gelewer by die South African Fiscal Association seminaar, Kaapstad, 27 September.

---000---